



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 27 JULIE 2023 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Penxa, B J (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pieters, C (ANC)
Daniels, C (DA)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Smit, N (DA)
Fortuin, C (ANC)	Soldaka, P E (ANC)
Jooste, R J (DA)	Van Essen, T (DA)
Le Minnie, I S (DA)	Van Zyl, M (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF+)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)
Papier, J R (GOOD)	

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Pastoor De Waal Esterhuizen van die Sofar Gemeente, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Beskermingsdienste.

BESLUIT dat kennis geneem word dat rdh B J Stanley afwesig is sonder verlof.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

BESLUIT dat kennis geneem word van die mededeling deur die Munisipale Bestuurder dat die raadsvergadering in Augustus vervroeg na Donderdag, 24 Augustus 2023 om 10:00.

KENNIS GENEEM van die aanstelling van me C Arendse as administratiewe ondersteuning aan die Kantoor van die Speaker.



MINUTES OF A MEETING OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD IN THE TOWN HALL, MALMESBURY ON THURSDAY, 27 JULY 2023 AT 10:00

PRESENT:

Speaker, ald M A Rangasamy
Executive Mayor, ald J H Cleophas
Deputy Executive Mayor, clr J M de Beer

COUNCILLORS:

Bess, D G (DA)	Penxa, B J (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pieters, C (ANC)
Daniels, C (DA)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Smit, N (DA)
Fortuin, C (ANC)	Soldaka, P E (ANC)
Jooste, R J (DA)	Van Essen, T (DA)
Le Minnie, I S (DA)	Van Zyl, M (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF+)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)
Papier, J R (GOOD)	

Officials:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller
Director: Financial Services, mr M A C Bolton
Director: Corporate Services, ms M S Terblanche
Director: Development Services, ms J S Krieger
Manager: Secretarial and Records, ms N Brand

1. OPENING

The Speaker welcomed the Executive Mayor, alderdames, aldermen, councillors and officials.

Pastor De Waal Esterhuizen of the Sofar Congregation, Malmesbury opened the meeting with a scripture reading and prayer at the invitation of the Speaker.

The Speaker congratulated councillors and officials who had celebrated birthdays recently.

2. APOLOGIES

Apology received from the Director : Protection Services.

RESOLUTION taken that ald B J Stanley was absent without an apology.

3. DEPUTATIONS/DECLARATIONS AND COMMUNICATIONS/SUBMISSIONS

RESOLUTION that note is taken of the communication from the Municipal Manager that the council meeting in August is brought forward to Thursday, 24 August 2023 at 10:00.

That **NOTE IS TAKEN** of the appointment of ms C Arendse as administrative support in the Office of the Speaker.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 25 MEI 2023

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 25 Mei 2023 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 17 MEI 2023
saamgelees met

NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 10 MEI 2023

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 13 JUNIE 2023
saamgelees met

NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 7 JUNIE 2023

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 15 MEI 2023

6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 17 MEI 2023

6.3 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 25 MEI 2023

6.4 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 5 JUNIE 2023

6.5 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 13 JUNIE 2023

6.6 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 17 JUNIE 2023

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 REGULASIES INSAKE GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE (3/1/2)

Die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Regulasies gedateer 25 Mei 2001 is met ingang van 14 Junie 2023 deur die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake herroep en vervang met nuwe regulasies.

4. MINUTES FOR APPROVAL

4.1 MINUTES OF AN ORDINARY COUNCIL MEETING HELD ON 25 MAY 2023

RESOLUTION

(proposed by clr N Smit, seconded by clr A K Warnick)

That the minutes of an Ordinary Council Meeting held on 25 May 2023 are approved and signed by the Speaker.

5. REPORTING IN RESPECT OF DELEGATED DECISION MAKING BY THE EXECUTIVE MAYOR

RESOLUTION

That note is taken of the decisions made by the Executive Mayor in accordance with his delegated power in the following minutes:

5.1 MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE HELD ON 17 MAY 2023

read in conjunction with

MINUTES OF A PORTFOLIOS COMMITTEE MEETING HELD ON 10 MAY 2023

5.2 MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE HELD ON 13 JUNE 2023

read in conjunction with

MINUTES OF A PORTFOLIOS COMMITTEE MEETING HELD ON 7 JUNE 2023

6. REPORTING IN RESPECT OF DELEGATED DECISION MAKING BY THE MUNICIPAL MANAGER

RESOLUTION

That note is taken of the decisions made by the Municipal Manager in accordance with his delegated power in the following minutes:

6.1 MINUTES OF A MEETING OF THE TENDER AWARD COMMITTEE HELD ON 15 MAY 2023

6.2 MINUTES OF A MEETING OF THE TENDER AWARD COMMITTEE HELD ON 17 MAY 2023

6.3 MINUTES OF A MEETING OF THE TENDER AWARD COMMITTEE HELD ON 25 MAY 2023

6.4 MINUTES OF A MEETING OF THE TENDER AWARD COMMITTEE HELD ON 5 JUNE 2023

6.5 MINUTES OF A MEETING OF THE TENDER AWARD COMMITTEE HELD ON 13 JUNE 2023

6.6 MINUTES OF A MEETING OF THE TENDER AWARD COMMITTEE HELD ON 17 JUNE 2023

7. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

None.

8. MATTERS FOR DISCUSSION

8.1 REGULATIONS IN RESPECT OF CODE OF CONDUCT FOR COUNCILLORS (3/1/2)

The Local Government: Municipal Systems Regulations dated 25 May 2001 were recalled on 14 June 2023 by the Minister of Co-operative Governance and Traditional Affairs and replaced with new regulations.

8.1/...

Die Regulasies soos per Staatskoerant, 48786 gedateer 14 Junie 2023 is nou van toepassing op alle raadslede en tradisionele en Khoi-San leiers onderhewig aan Item 17 van die Gedragskode vir Raadslede soos per Bylae 7 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998.

Een van die bepalings van die Regulasies handel met die betrokkenheid van raadslede by gewelddadige oproer of arbeidsonrus teen die Munisipaliteit. Raadslede noem dat hulle as bemiddelaars tydens onrus moet optree en spreek hulle kommer uit dat dit gesien mag word dat daar aan die oproer deelgeneem word.

Daar word aanvaar dat deelname deur raadslede, as leiers van die gemeenskap, aan protesaksies in goeder trou geskied, aangesien die gemeenskap van raadslede verwag om op die voorgrond te wees en dat diskresie gebruik sal word wanneer enige oortreding van die gedragskode in hierdie verband ondersoek word.

BESLUIT

(op voorstel van A K Warnick, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

- (a) Dat raadslede hulself vergewis van die inhoud van die 2023 Regulasies soos per Aanhangsel A tot die verslag, en (weer eens) van die Gedragskode vir Munisipale Raadslede soos per Aanhangsel B tot die verslag;
- (b) Dat raadslede in besonder kennis neem van hul verpligting om geskenke wat ontvang word by die kantoor van die Munisipale Bestuurder te registreer, en om in hierdie verband al die inligting soos gestipuleer te moet verskaf.

8.2 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: VERKLARING VAN BELANGE (3/1/2)

Die Gedragskode vir Raadslede soos vervat in Bylae 7 van die Munisipale Strukturewet, sowel as die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Regulasies, 2023 bepaal, onder andere, dat raadslede op 'n jaarlikse basis hul belange moet verklaar, ingesluit geskenke wat deur 'n raadslid ontvang was

BESLUIT

(op voorstel van rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

- (a) Dat raadslede kennis neem van die bepalings ingevolge items 6 tot 8 van die Gedragskode vir Raadslede;
- (b) Dat raadslede kennis neem dat die aard of detail van die finansiële belange van 'n raadslid soos na verwys in Item 8 van die Gedragskode vir Raadslede, jaarliks op skrif aan die Munisipale Bestuurder verklaar moet word, ingesluit geskenke wat deur 'n raadslid ontvang word en wat in waarde R1 000,00 oorskry;
- (c) Dat kennis geneem word dat die verklaring soos na verwys in paragraaf (b), teen nie later nie as 31 Julie 2023 by die Direkteur: Korporatiewe Dienste ingedien moet word.

8.3 AANVAARDING VAN DIE VERORDENING INSAKE ELEKTRISITEITSVOORSIENING (1/1)

Die konsep Verordening insake Elektrisiteitsvoorsiening is op 26 April 2023 aan die Raad voorgelê vir doeleindes om die publieke deelnameproses te deurloop. Daar is geen kommentaar/insette ontvang teen die sperdatum van 26 Junie 2023 nie.

Die Verordening insake Elektrisiteitsvoorsiening is gewysig om, onder andere, in te sluit die regulering van elektriese opwekkingstoerusting en die tolkragverspreiding van elektrisiteit.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 19 Julie 2023 die verordening oorweeg vir voorlegging aan die Raad.

8.1/...

The Regulations as per Government Gazette, 48786 dated 14 June 2023 are now applicable to all councillors, traditional leaders and Khoi-San leaders subject to section 17 of the Code of Conduct for Councillors as per Schedule 7 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998.

One of the stipulations deals with the involvement of councillors in violent riots or labour unrest against the Municipality. Councillors stated that they must act as mediators during unrest and voiced their concern that this may be seen as participating in the unrest.

It was accepted that participation by councillors, as leaders of the community, in unrest is in good faith, because the community expects councillors to be in the forefront, and that discretion will be exercised when any infringement of the code of conduct in this regard is investigated.

RESOLUTION

(proposed by clr A K Warnick, seconded by clr D C Pypers)

- (a) That councillors familiarise themselves with the contents of the 2023 Regulations as per Annexure A to the report, and (once again) with the Code of Conduct for Municipal Councillors as per Annexure B to the report;
- (b) That councillors in particular take cognisance of their obligation to register gifts received with the office of the Municipal Manager, and in this regard to provide all the information as stipulated.

8.2 CODE OF CONDUCT FOR COUNCILLORS: DECLARATION OF INTERESTS (3/1/2)

The Code of Conduct for Councillors, referred to in Schedule 7 of the Municipal Structures Act, as well as the Local Government: Municipal Systems Regulations, 2023 determine, inter alia, that councillors must declare their interests on an annual basis, including gifts received by a councillor.

RESOLUTION

(proposed by clr I S le Minnie, seconded by clr E C O'Kennedy)

- (a) That councillors take cognisance of the requirements in terms of Item 6 to 8 of the Code of Conduct;
- (b) That councillors take cognisance that the nature or detail of the financial interests of a councillor referred to in Item 8 of the Code of Conduct for Councillors, must be **declared in writing to the Municipal Manager**, including gifts received by such councillor in excess of R1 000,00;
- (c) That cognisance be taken that the declaration referred to in paragraph (b) must be submitted to the Director: Corporate Services by no later than 31 July 2023.

8.3 APPROVAL OF THE REGULATION IN RESPECT OF PROVISION OF ELECTRICITY (1/1)

The draft By-law in respect of the Provision of Electricity was submitted to the Council in order to initiate the public participation process. No comments or input were received by the closing date of 26 June 2023.

The By-law in respect of the Provision of Electricity was revised in order, inter alia, to include the regulation of electricity generation equipment and the wheeling of energy.

The Executive Mayor's Committee considered the By-law on 19 July 2023 for submission to the Council.

8.3/...

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit besluit met 21 stemme ten gunste van die aanvaarding van die Verordening insake Elektrisiteitsvoorsiening met een raadslid wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R J Jooste)

- (a) Dat die volgende verordening aangeneem word deur die Raad, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:
 - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Elektrisiteitsvoorsiening
- (b) Dat boetes vir oortredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie.

8.4 VOORLEGGING VAN DIE 2023/2024 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN -PLANNE (2/4/2)

Die prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2023/2024 finansiële jaar is opgestel ooreenkomstig Artikel 57 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) en dien as 'n vervangende addendum tot die aanstellingskontrakte van die Munisipale Bestuurder en direkteure.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2023/2024 finansiële jaar.

8.5 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE VAN VIERDELAAN, MOORREESBURG (12/2/5/5-3/1)

'n Aansoek is ontvang vanaf *Hoerikwaggo CC* (Dr J Ferreira), die geregistreerde eienaar van Erwe 2276 en 2282, Moorreesburg vir die sluiting en om 'n gedeelte van Vierde Laan, Moorreesburg, wat aangrensend aan sy eiendom geleë is, te koop.

Daar is bevestig dat die gedeelte van Vierde Laan (groot 1693 m²) nie vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste nodig word nie en dus uit-die-hand uit vevreem en oorgedra kan word. Die markwaarde van gemelde eiendom beloop R88 036.00 (BTW uitgesluit).

BESLUIT

(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat 'n gedeelte van Vierdelaan, Moorreesburg (groot 1693 m²) uit-die-hand uit aan Hoerikwaggo CC (die eienaar van erwe 2276 en 2282, Moorreesburg) vervreem en oorgedra word, en wel teen R88 036.00 BTW uitgesluit, vir konsolidasie met gemelde erwe;
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom nie vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste nodig word nie;
- (c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop:
 - (i) Die eiendom as 'nie-bestaansbare bate' kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie as 'n afsonderlike entiteit sinvol ontwikkel kan word binne die ontwikkelingsparameters vir Vervoersone 2 nie, en dus slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan 'n aangrensende eienaar vir gebruik daarvan tesame met sy of haar eiendom, soos voorgestel;
 - (ii)/...

8.3/...

The Speaker brought the matter to the vote and it was decided with 21 votes in favour of approving the By-law in respect of the Provision of Electricity with one councillor abstaining from voting.

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr R J Jooste)

- (a) That the following by-law be adopted by Council, to take effect on date of promulgation in the Provincial Gazette:
 - Swartland Municipality: Electricity Supply By-law;
- (b) That fines for offences of the by-law be determined by the Department of Justice.

8.4 SUBMISSION OF THE 2023/2024 PERFORMANCE AGREEMENT AND PLANS (2/4/2)

The performance agreements and plans for the 2023/2024 financial year were drawn up in accordance with Section 57 of the Local Government Act: Municipal Systems, 2000 (Act 32 of 2000) and serves as a replacement addendum to the appointment contracts of the Municipal Manager and directors.

RESOLUTION

(proposed by clr E C O’Kennedy, seconded by clr I S le Minnie)

That the performance agreements and plans of the Municipal Manager and directors for the 2023/2024 financial year be noted.

8.5 PROPOSED ALIENATION OF A PORTION OF FOURTH AVENUE, MOORREESBURG (12/2/5/5-3/1)

An application has been received from *Hoerikwaggo CC* (Dr J Ferreira), the registered owner of Erwen 2276 and 2282, Moorreesburg for the closure and purchase of a portion of Fourth Avenue, Moorreesburg, which is adjacent to his property.

It has been established that the portion of Fourth Avenue (1693 m²) is not needed for the minimum or any other level of municipal services and therefore can be alienated and transferred. The market value of the relevant property is R88 036.00 (VAT excluded).

RESOLUTION

(proposed by clr D C Pypers, seconded by clr D G Bess)

- (a) That approval be granted by Council in terms of the applicable By-law as well as Section 14 of the Municipal Finance Management Act, 2003 for a portion of Fourth Avenue, Moorreesburg (1693m² in extent) to be alienated and transferred out-of-hand to Hoerikwaggo CC, the owner of erven 2275 and 2282, Moorreesburg at R88 036.00, excluding VAT, for consolidation with said erven;
- (b) That cognizance be taken that the property is not required for the provision of a minimum or any other level of basic municipal services;
- (c) That the following reasons be recorded for the out-of-hand alienation of the portion of land concerned, and for not undergoing a competitive process:
 - (i) The property qualifies as ‘non-viable’ asset in that due to physical constraints it cannot be developed sensibly as a separate entity within the development parameters for Transport zone 2, and therefore only becomes functional if alienated to an adjoining owner for usage in conjunction with his or her property, as proposed;
 - (ii)/...

8.5(c)/...

- (ii) Oordrag van die eiendom aan 'n individu of entiteit die Munisipaliteit van sy onderhoudslas vrystel, asook die risiko beperk van potensiele grondbesetting of wanaanwending (bv. onwettige storting);
- (d) Dat die volgende voorwaardes van verkoop op die transaksie van toepassing sal wees:
 - (i) Die betrokke gedeelte van Vierdelaan, Moorreesburg gesluit moet word en aansoek gedoen word vir vrystelling vir die onderverdeling en konsolidasie van die gedeelte straat ingevolge Artikel 34 van die Verordening insake Grondgebruikbeplanning;
 - (ii) Die sonering van die gedeelte straat sal vestig as Residensiële sone 5, volgens die bepalinge van artikel 12.9(h) van die Verordening insake Grondgebruikbeplanning;
 - (iii) Benewens die koopprys, die koper verantwoordelik sal wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkoste en die kostes van konsolidasie;
- (e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiele besware, en dat die Uitvoerende Burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;
- (f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, daar eers skriftelike bevestiging van Hoerikwaggo CC bekom word dat die entiteit instem tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag;
- (g) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die verkoop-ooreenkoms te mag finaliseer en onderteken.

8.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ONGEREGISTREERDE ERF 12857, MALMESBURY (12/2/5/2-8/5)

Swartland Munisipaliteit is die eienaar van ongeregistreerde Erf 12857, Malmesbury wat geleë is binne die De Hoop-behuisingsprojek en gesoneer is as Gemeenskapsone 1: Plek van Onderrig.

Daar is oënskynlik 'n groot behoefte aan kindersorgfasiliteite in die area en daarom is belangstelling ontvang om Erf 12857, Malmesbury vir hierdie doeleindes te bekom. Daar word dus voorgestel dat Erf 12857, Malmesbury by wyse van 'n openbare mededingingsproses vir vervreemding vir die vestiging van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum beskikbaar gestel word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl C Daniels)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates dat ongeregistreerde Erf 12875, Malmesbury (1001 m² groot) by wyse van 'n openbare mededingingsproses (wat 'n twee-fase bodproses mag behels) vir vervreemding beskikbaar gestel word aan instellings met bewese ervaring in Vroeë Kinderontwikkeling;
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendom wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding vir gemeenskapsdoeleindes (plek van onderrig) ingevolge die sonering daarvan geïdentifiseer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geoormerk is nie;
- (c) Dat die onderstaande gesubsidieerde prys as reserweprys (BTW uitgesluit) vir die eiendom vasgestel word, ooreenkomstig die bevoegdheid aldus verleen deur paragraaf 15.2.2 van die Munisipaliteit se Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates:

8.5(c)/...

- (ii) Transfer of the property to an individual or entity releases the Municipality from its maintenance obligation, as well as limits the risks of potential land invasion or misuse (e.g. illegal dumping);
- (d) That the following conditions of sale shall apply to the transaction:
 - (i) The portion of Fourth Avenue, Moorreesburg be closed and application be made for exemption of subdivision and consolidation in terms of Section 34 of the Land-Use Planning By-law;
 - (ii) The zoning of the portion of Fourth Avenue, Moorreesburg shall vest as Residential, in terms of Section 9(h) of the Land-Use Planning By-law;
 - (iii) The purchaser, in addition to the purchase price, shall be responsible for all costs ancillary and incidental to this transaction, including advertisement costs, transfer costs and the costs of consolidation;
- (e) That the proposed transaction be advertised in the media for comments and/or potential objections, and that the Executive Mayor be authorized to deal with any forthcoming objections in consultation with his committee;
- (f) That before the intention is advertised, written confirmation first be obtained from Hoerikwaggo CC that the entity agrees to the conditions as provided for in this report;
- (g) That the Director: Corporate Services be authorized to finalise and sign the deed of sale.

8.6 PROPOSED ALIENATION OF UNREGISTERED ERF 12857, MALMESBURY (12/2/5/2-8/5)

Swartland Municipality is the owner of unregistered Erf 12857, Malmesbury which is situated within the De Hoop housing project and zoned as community zone 1: Place of Education.

There is apparently a great need for child care facilities in the area and therefore interest has been shown in obtaining Erf 12857, Malmesbury for this purpose. It is therefore proposed that Erf 12857, Malmesbury is made available by means of a public competitive process for the alienation and establishment of an Early Childhood Development Centre.

RESOLUTION

(proposed by clr J M de Beer, seconded by clr C Daniels)

- (a) That in-principle approval be granted by Council in terms of Section 14 of the Municipal Finance Management Act, 2003 and the By-Law and Policy relating the the Transfer of Municipal Assets that unregistered Erf 12875, Malmesbury (1001 m² in extent) be offered for disposal by means of a public competitive process (which may include a two phase bid process) for disposal to institutions with proven experience in Early Childhood Development;
- (b) That cognizance be taken that the property to be sold has been identified from the outset for disposal for community purposes (place of education) in terms of its zoning and at no stage have been earmarked for the provision of a minimum or any other level of basic municipal services;
- (c) That the subsidized price below be determined as reserve price (VAT exclusive) for the property in terms of the competence thus granted by paragraph 15.2.2 of the Municipal Asset Transfer Policy:

8.6(c)/...

- Ongeregistreerde Erf 12875 Malmesbury R16 000.00 (20% x R80 000.00)

- (d) Dat die koper, benewens die koopprys ook verantwoordelik sal wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, waaronder oordragskoste;
- (e) Dat die voorgenome transaksie in die media geadverteer word vir kommentaar en/of potensiele besware, en dat die Uitvoerende Burgemeester met volmag beklee word om in oorlegpleging met sy komitee te handel met enige besware wat ontvang sou word;
- (f) Dat volmag verleen word
- (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om
- te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksie ontvang word; en om
 - 'n besluit te mag finaliseer rakende die oordrag van die bate, nadat die toepaslike Voorsieningskanaal- en ander wetgewing gevolg is;
- (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die evalueringskriteria en voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, met inagneming van die toepaslike bepalinge in die Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates, waaronder dat 'n toepaslike terugvalklousule teen die eiendom geregistreer moet word.

8.7 KONTRAKTE MET TOEKOMSTIGE BEGROTINGSIMPLIKASIES: SLUIT VAN 'N WATERVOORSIENINGSOOREENKOMS MET DIE DEPARTEMENT VAN WATER EN SANITASIE (5/2/1)

Swartland Munisipaliteit het reeds in 2020 aangedui om 'n allokasie te ontvang uit die *Berg River Voëlvlei Augmentation Scheme* (BRVAS) wat tans deur die *Trans Caledon Tunnel Authority* (TCTA) en die Nasionale Departement van Waterwese geïmplementeer word.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste behandel die verslag en noem dat die allokasie sedertdien verhoog het vanaf 0.66 tot 1.66 miljoen m³/jaar. Daar word vereis dat 'n Watervoorsieningsooreenkoms met die Departement van Waterwese en Sanitasie gesluit word om die allokasie te bevestig wat toekomstige finansiële verpligtinge op die Munisipaliteit plaas wat nie deel vorm van die goedgekeurde 2023/2024 meerjarige begroting nie.

Die voorgeskrewe proses ingevolge Artikel 33 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 is gevolglik deurloop en was daar slegs een kommentaar ontvang wat die allokasie vanuit die BVRAS ondersteun.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R J Jooste)

Dat, ter uitvoering van Artikel 33 van die Wet op die Bestuur van Munisipale Finansies –

- (a) die Raad kennis neem dat ten einde 'n allokasie uit die Bergrivier/Voëlvlei Aanvullingskema te bekom, die Departement van Water en Sanitasie vereis dat 'n Watervoorsieningsooreenkoms met die Departement gesluit word;
- (b) die Raad kennis neem dat die sluit van die Watervoorsieningsooreenkoms toekomstige finansiële verpligtinge vir die Munisipaliteit sal meebring wat nie deel vorm van die goedgekeurde 2023/2024 meerjarige begroting nie en verder dat:
- (i) die aanduidende kapitale eenheidskoste R 4.60/m³ beloop met beplande voltooiing in 2026/2027 en 'n terugbetaalperiode van 20 jaar;
- (ii)/...

8.6(c)/...

- Unregistered Erf 12875, Malmesbury R16 000.00 (20% x R80 000,00);
- (d) That the purchaser shall, in addition to the selling-price, also be responsible for all costs ancillary and incidental to this transaction, including transfer costs;
- (e) That the proposed transaction be advertised for public comments and/or objections, and the executive mayor (in consultation with his committee) be authorized to deal with any objections;
- (f) That authorization be given as follows:
- (i) to the Executive Mayoral Committee
 - to deal with any comments and/or objections received in respect of the proposed transaction; and
 - to finalise a decision regarding the transfer of the asset, after all Supply Chain and other legal prescripts have been complied with;
 - (ii) to the Director: Corporate Services to finalise the evaluation criteria and conditions of sale for tender purposes with all the relevant internal role-players, with due consideration of the applicable conditions in the Municipal Asset Transfer Policy, including that a suitable reversionary clause must be registered against the property.

8.7 CONTRACTS WITH FUTURE BUDGETRY IMPLICATIONS: CLOSURE OF A WATER SERVICE AGREEMENT WITH THE DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS AND SANITATION (5/2/1)

Swartland Municipality already indicated in 2020 their desire to obtain an allocation from the *Berg River Voëlvlei Augmentation Scheme* (BRVAS) which is at present being implemented by the *Trans Caledon Tunnel Authority* (TCTA) and the National Department of Water Affairs.

The Director: Civil Engineering Services dealt with the report and stated that the allocation has since then been increased from 0.66 to 1.66 million m³/year. A Water Service Agreement with the Department of Water Affairs and Sanitation is required in order to confirm the allocation which will place future financial obligations on the Municipality which do not form part of the approved 2023/2024 multi year budgets.

The prescribed process in accordance with Section 33 of the Local Government: Municipal Financial Management, Act 56 of 2003 was thus followed through and there was only one comment received which the allocation from BRVAS supported.

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen seconded by clr R J Jooste)

That, in carrying out Section 33 of the Municipal Financial Management Act –

- (a) that the Council takes note that in order to secure an allocation from the BRVAS the DWS requires that a WSA be concluded;
- (b) that the Council takes note that the conclusion of the Water Supply Agreement will impose a financial obligation on the Municipality which does not form part of the approved 2023/2024 multi-year budget and further that:
 - (i) the indicative unit capital cost is R 4.60/m³ with planned completion in 2026/2027 and a 20-year repayment period;
 - (ii)/...

8.7(b)/...

- (ii) die kapitale eenheidskoste van R4.60/m³ onderhewig is aan wysiging en bepaal sal word volgens die finale implementeringskoste van die Bergrivier/Voëlvlei Aanvullingskema;
- (iii) die jaarlikse terugbetaling vir Swartland Munisipaliteit bereken is op R7,636,000 volgens die toekenning van 1.66 miljoen m³/jaar en die aanduidende kapitale eenheidskoste van R 4.60/m³;
- (c) die Raad kennis neem dat kommentaar ingevolge die bepalings van Artikel 33(1)(b)(iii) en (iv) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA) slegs ontvang was van Mnr Peter King wat aangedui het dat hy die Bergrivier/Voëlvlei Aanvullingskema en die sluit van die watervoorsieningsooreenkoms ondersteun en dat:
 - (i) geen verdere handeling voortspruit met oorweging van die kommentaar van Mnr Peter King ingevolge artikel 33 (1)(b) of the MFMA nie;
- (d) die Raad goedkeuring verleen dat die Watervoorsieningsooreenkoms soos aangeheg aan die verslag met die Departement van Water en Sanitasie gesluit word onderhewig daaraan dat:
 - (i) terugbetaling ingevolge die bepalings van die Watervoorsienings-ooreenkoms eers gemaak sal word met die verhoging in die gelisensieerde rouwater onttrekkingstoekenning aan Swartland Munisipaliteit ooreenkomstig die toekenning vanuit die Bergrivier/Voëlvlei Aanvullingskema;
- (e) die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die Watervoorsieningsooreenkoms te onderteken.

8.8 VERSLAGDOENING T.O.V. ARTIKEL 15(3) VAN DIE WET OP MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING INSAKE BELASTINGVRYSTELLINGS, -KORTING EN VERMINDERING EN "REVENUE FORGONE" VIR DIE 2021/2022 FINANSIËLE JAAR (5/3/1/3)

Ingevolge artikel 15(3) van Munisipale Eiendomsbelastingwet, 2004 (Wet 6 van 2004) is die Munisipale Bestuurder verplig om jaarliks verslag te doen aan die Raad rakende alle belasting- vrystellings, -afslag en -kortings wat in die vorige finansiële jaar toegestaan is.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die vrystellings van munisipale eiendomsbelasting aan openbare weldaadsorganisasies/nie-regeringsorganisasies, afslag, kortings toegestaan en inkomste afgestaan (*revenue forgone*) soos gestaaf in die verslag vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2023.

8.9 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): APRIL TOT JUNIE 2023 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl C Daniels)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 April tot 30 Junie 2023 met inagneming dat sommige prestasie-aanwysers geaffekteer sal word as gevolg van die finalisering van jaareindprosesse.

8.7(b)/...

- (ii) the unit capital cost of R 4.60/m³ is subject to adjustment according to the final implementation cost of the Berg/Voëlville Augmentation Scheme;
 - (iii) the annual repayment for Swartland Municipality is calculated at R7,636,000 with the allocation of 0.66 million m³/annum and the indicative unit capital cost of R 4.60/m³;
- (c) that the Council notes that comments in accordance with section 33(1)(b)(iii) and (iv) of the Municipal Finance Management Act (MFMA) were only received from Mr Peter King in which he has expressed his support of the BRVAS and the conclusion of the WSA and that:
 - (i) that no further action results with consideration of the comments of Mr Peter King in accordance with section 33 (1)(b) of the MFMA;
- (d) that the Council approves that the Water Supply Agreement as attached to the report be concluded with the Department of Water and Sanitation subject to:
 - (i) payments in terms of the Water Supply Agreement will only be made once the raw water abstraction license has been amended to include the allocation Berg/Voëlville Augmentation Scheme;
- (e) that the Municipal Manager be authorised to sign the Water Supply Agreement.

8.8 REPORTING IN RESPECT OF SECTION 15(3) OF MUNICIPAL PROPERTY RATES AND TAXES ACT IN RESPECT OF TAX EXEMPTIONS, TAX REDUCTIONS AND REBATES AND "REVENUE FORGONE" FOR THE 2022/2023 FINANCIAL YEAR (5/3/1/3)

In accordance with section 15(3) of the Municipal Property Rates and Taxes Act (Act 6 of 2004) the Municipal Manager is obliged to report annually to the Council in respect of all taxation, exemptions, discounts and rebates which were conceded during the previous financial year.

The report in respect of the period 1 July 2022 to 30 June 2023 was circulated with the agenda.

RESOLUTION

(proposed by ald J H Cleophas, seconded by ald T van Essen)

That cognisance be taken of the municipal property tax rates exemptions to public benefit organisations/non-governmental organisations, discounts, rebates granted and revenue forgone as per the information substantiated above for the financial year ended 30 June 2023.

8.9 QUARTERLY REPORT (SECTION 52 OF MFMA): APRIL TO JUNE 2023 (7/1/2/2-2)

The submission to the Council of the quarterly report is prescribed in Section 52(d) of the Local Government Act: Municipal Financial Management, Act 56 of 2003 (MFMA).

RESOLUTION

(proposed by clr E C O'Kennedy, seconded by clr C Daniels)

That Council takes cognisance of the attached quarterly report, as required by Section 52 of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003 in respect of the implementation of the budget as well as the performance against the Top Layer Service Delivery and Budget Implementation Plan of the municipality for the period 1 April to 30 June 2023.

8.10 JAARLIKSE VERSLAGDOENING INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid gedurende die 2022/2023 finansiële jaar ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2023 tot 30 Junie 2023 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D). Kennis moet geneem word dat betalings nog in die 2022/2023 finansiële jaar gefinaliseer moet word en sal enige verskille ten opsigte van Kwartaal 4 ingevolge wetgewing in die volgende kwartaalverslag vermeld word, onderhewig aan die transaksies/syfers wat die volledigheid van die finansiële state mag beïnvloed.

**GETEKEN:
SPEAKER**

8.10 ANNUAL REPORT IN RESPECT OF THE IMPLEMENTATION OF THE SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY (8/1/B/2)

Regulation 6(2)(a)(i) of the *Municipal Supply Chain Management Regulations* stipulates that a report must be submitted annually to the Council in respect of the implementation of the Supply Chain Management Policy.

The annual report for the period 1 July 2022 to 30 June 2023 was circulated with the agenda.

RESOLUTION

(proposed by clr A K Warnick, seconded by clr N Smit)

- (a) That cognisance is taken of the Annual Report regarding the implementation of the Supply Chain Management Policy in accordance with section 6(2)(a)(i) of the Regulations, as well as reports on the Formal Tenders (Annexure A), Informal Tenders (Annexure B), and the Deviation Report (Annexure C);
- (b) That cognisance is taken of the services rendered for the period 1 April 2023 to 30 June 2023 with reference to the exceptions where it is impractical to test the market and therefore justified a deviation from the procurement processes in terms of paragraph 2(6) of the Supply Chain Management Policy (Annexure D). It must be noted that payments must still be finalised for the 2022/2023 financial year. To comply with legislation in terms of quarter 4, any differences will be highlighted in the following SCM quarterly report, subject to figures/transactions that would have an impact on the completeness of the financial statements.

**SIGNED
SPEAKER**



NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOUD IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 24 AUGUSTUS 2023 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Penxa, B J (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pieters, C (ANC)
Daniels, C (DA)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Smit, N (DA)
Fortuin, C (ANC)	Soldaka, P E (ANC)
Jooste, R J (DA)	Van Essen, T (DA)
Le Minnie, I S (DA)	Van Zyl, M (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF+)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)
Papier, J R (GOOD)	

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Ds Y Fortuin van die St Thomas Anglikaanse Kerk, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Raadslede en amptenare word deur die Speaker geluk gewens met verjaardae in die maand van Augustus.

Medelye word betoon aan rdl N Smit en die Speaker met die afsterwe van naasbestaandes.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

BESLUIT dat kennis geneem word dat rdh B J Stanley afwesig is sonder verlof.

Die Speaker, op navraag vanaf rdl B J Penxa, bevestig dat rdh Stanley se bywoning van vergaderings gemonitor word ter voldoening aan die Gedragskode vir Raadslede en dat die betrokke boetes vir afwesigheid gehef sal word.

3./...



MINUTES OF A SPECIAL MEETING OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD IN THE TOWN HALL, MALMESBURY ON THURSDAY, 24 AUGUST 2023 AT 10:00

PRESENT:

Speaker, ald M A Rangasamy
Executive Mayor, ald J H Cleophas
Deputy Executive Mayor, clr J M de Beer

COUNCILLORS:

Bess, D G (DA)	Penxa, B J (ANC)
Booyesen, A M (VF+)	Pieters, C (ANC)
Daniels, C (DA)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Smit, N (DA)
Fortuin, C (ANC)	Soldaka, P E (ANC)
Jooste, R J (DA)	Van Essen, T (DA)
Le Minnie, I S (DA)	Van Zyl, M (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF+)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)
Papier, J R (GOOD)	

Officials:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Director: Protection Services, mr P A C Humphreys
Director: Electrical Services, mr T Möller
Director: Financial Services, mr M A C Bolton
Director: Corporate Services, ms M S Terblanche
Director: Development Services, ms J S Krieger
Manager: Secretarial and Record Services, ms N Brand

1. OPENING

The Speaker welcomed the Executive Mayor, alderdames, aldermen, councillors, officials and members of the public.

Ds Y Fortuin of the St Thomas Anglican Church, Malmesbury opened the meeting with a scripture reading and prayer at the request of the Speaker.

Councillors and officials were congratulated by the Speaker on the celebration of their birthdays during the month of August.

Condolences were offered to clr N Smit and the Speaker on the passing of close relatives.

2. APOLOGIES

RESOLUTION that note is taken that ald B J Stanley was absent without an apology.

The Speaker confirmed, in answer to a question from clr B J Penxa, that ald Stanley's attendance at meetings would be monitored in compliance with the Code of Conduct for Councillors and that the relevant fines for absence would be levied.

3./...

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

BESLUIT dat kennis geneem word van die mededeling deur die Munisipale Bestuurder dat die vergadering op datum 'n SPESIALE raadsvergadering is.

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 GOEDKEURING VAN DIE 2023/2024 OORROL AANSUIWERINGSKAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2-2023/24)

Artikel 28 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 bepaal die omstandighede vir die oorweging van 'n Oorrol Aansuiweringskapitaal- en Bedryfsbegroting.

Die Munisipale Bestuurder noem, na aanleiding van rdl J R Papier se navraag aangaande die aanwending van R20 miljoen ontvang vanaf die Weskaapse Departement van Onderwys, dat daar twee skole in die Swartland munisipale gebied gebou gaan word onder die "rapid school building programme", naamlik in Darling en Ilinge Lethu. Die bou van die skool in Ilinge Lethu is onderhewig daaraan dat daar 'n toegangspad vanuit Darlingweg gebou word.

Nadat die Munisipaliteit in Julie 2023 (ná die goedkeuring van die 2023/2024 meerjarige begroting) van die projekte in kennis gestel was, was daar samespreking met die Departement van Onderwys gevoer. Die Munisipale Bestuurder kon daarin slaag om befondsing ten bedrae van R20 miljoen te bekom vir die bou van die toegangspad. Die Munisipale Bestuurder bedank die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir die proaktiewe optrede om gereed te wees om die projek te implementeer en sodoende die investering van ±R100 miljoen vir die bou van twee nuwe skole in die Swartland munisipale gebied te laat realiseer.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Raad in Maart 2023 goedkeuring verleen het vir die aansuiwering van R10 945 000 wat ontvang is vir die verkryging van rugsteunkragopwekkers, soos in detail uiteengesit in die aanhangsels tot die verslag. Weens die feit dat die befondsing eers in Maart 2023 ontvang is en die afleweringstydperk vir toerusting ±38 weke is, is dit nodig om die balans te laat oorrol na die 2023/2024 finansiële jaar.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat Swartland Munisipaliteit die bou van volhoubare vennootskappe ondersteun en is dankbaar vir die befondsing wat ontvang is vanaf die Provinsiale Regering.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word die goedkeuring van die Oorrol-Aansuiweringskapitaal- en Bedryfsbegroting (in die afwesigheid van een raadslid) beslis met 21 stemme ten gunste daarvan, met een raadslid wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel deur rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheer Komitee vergader het om die verduidelikings en motiverings van die finansiële en ingenieurspersoneel te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;
- (b) Dat goedkeuring verleen word vir die oorrol van die ongespandeerde "Emergency Municipal Load-Shedding Relief" fondse soos goedgekeur deur Provinsiale Tesourie ten opsigte van die 2022/2023 finansiële jaar, vir die bedrag van R8 593 277 en die oorrol van eie fondse (CRR) vir die bedrag van R3 158 155;
- (c) Dat die Raad kennis neem van die addisionele fondse wat ontvang is in die vorm van 'n werklike koste finansiële bydrae deur die WKOD om 'n nuwe toegangspad en verwante munisipale dienste ten bedrae van R20 miljoen (BTW uitgesluit) te bou;

3. DEPUTATIONS/DECLARATIONS AND COMMUNICATIONS/SUBMISSIONS

RESOLUTION that note is taken of the communication from the Municipal Manager that this day's meeting is a SPECIAL council meeting.

4. MATTERS FOR DISCUSSION

4.1 APPROVAL OF THE 2023/2024 ROLL-OVER ADJUSTED CAPITAL AND OPERATING BUDGET (5/1/1/1, 5/1/1/2-2023/24)

Section 28 of the Local Government: Municipal Financial Management Act, Act 56 of 2003 stipulates the circumstances for the consideration of a Roll- Over Adjusted Capital and Operating Budget.

The Municipal Manager stated, with reference to clr J R Papier's question in respect of the appropriation of the R20 million received from the Western Cape Department of Education, that two schools in the Swartland municipal area will be built under the "rapid school building programme", namely in Darling and Ilinge Lethu. The building of the school in Ilinge Lethu is subject to the building of an access road from the Darling Road.

After the Municipality was notified of the project in July 2023 (after the approval of the 2023/2024 multi-year budget) discussions took place with the Department of Education. The Municipal Manager was then able to obtain an amount of R20 million for the building of an access road. The Municipal Manager thanked the Director: Civil Engineering Services for his pro-active action in order to be ready to implement the project and in so doing to realize the investment of ±R100 million for the building of two schools in the Swartland municipal area.

The Municipal Manager stated that in March 2023 the Council approved the adjustment of R10 945 000 which was received for the acquisition of back-up generators, which is set out in the attachments to the report. Because of the fact that the funding was only obtained in March 2023 and that the delivery time for the equipment is ±38 weeks, it is necessary to rollover the balance to the 2023/2024 financial year.

The Executive Mayor stated that Swartland Municipality supports the building of sustainable partnerships and is thankful for the funding received from the Provincial Government.

The Speaker brought the matter to the vote and approval for the Rollover Adjusted Capital and Operating Budget was decided (in the absence of one councillor) with 21 votes in favour thereof, and one councillor who did not vote.

RESOLUTION

(proposed by ald J H Cleophas, seconded by clr N Smit)

- (a) That it be noted that the Budget Steering Committee convened to consider the explanations and motivations provided by the financial and engineering staff in a bid to advise the Executive Mayor on way forward;
- (b) That approval be granted for the roll-over of the unspent Emergency Municipal Load-Shedding Relief funding as approved by Provincial Treasury in respect of the 2022/2023 financial year, to the amount of R 8 593 277 and the roll-over of own funding (CRR) to the amount of R 3 158 155;
- (c) That council also note the additional funding in the form of a real cost, financial contribution from the WCED to construct a new link road and associated municipal services to the tune of R20 million, excluding VAT;
- (d) That approval be granted to amend the high-level capital and operating budget for 2023/2024 with no amendments to the outer years as follows:

4.1/...

- (d) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak Kapitaal- en Bedryfsbegroting vir 2023/2024 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buite jare nie;

	Oorspronklike Begroting 2023/24	Oorrol Aansuiwerings begroting 2023/24	Oorspronklike Begroting 2024/25	Oorspronklike Begroting 2025/26
Kapitaalebegroting	209 052 395	240 803 827	218 968 545	208 303 329
Bedryfsuitgawes	1 071 330 062	1 072 205 062	1 174 132 994	1 371 930 505
Bedryfsinkomste	1 192 485 181	1 221 543 458	1 311 049 716	1 489 696 468
Begrote (Surplus)/ Tekort	(121 155 119)	(149 338 396)	(136 916 722)	(117 765 963)
Minus: Kapitaal Toekennings en Donasies	107 386 943	135 980 220	115 594 000	91 660 000
(Surplus)/ Tekort	(13 768 176)	(13 358 176)	(21 322 722)	(26 105 963)

- (e) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2023/2024 finansiële jaar of verder nie, terwyl die begrote netto surplus van R 13 768 176 verander na R 13 358 176;
- (f) Dat goedkeuring verleen word om die **Deposito-fooi te verlaag** na R100 vir die Sleutel- en Toegangskyfie (token) by die Yzerfontein Karavaanpark, wat foutiewelik verhoog was na R120 vir die huidige 2023/2024 finansiële jaar;
- (g) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure B: Budget Report and B-Schedules 2023/24 – 2025/26)**;
- (h) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (i) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik diennooreenkomstig gewysig word.

4.2 GOEDKEURING VAN DIE GOP EN BEGROTING TYDSKEDULE (2/1/4/4/1)

Die burgemeester moet ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en begrotingsproses.

Die tydskedule is met die sakelys gesirkuleer.

Daar word kennis geneem van rdl J R Papier, ondersteun deur rdl P E Soldaka, B J Penxa en A M Booyesen, se ontevredenheid dat die indruk geskep word dat die dokument reeds deur die Raad goedgekeur is met opskrif – “Approved by Council on 24 August 2023” en word versoek dat dit as 'n konsep dokument hanteer word totdat die Raad dit goedgekeur het.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die aangehegte GOP/Begrotingskedule vir die hersiening van die 2022-2027 GOP en die opstel van die jaarlikse begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, goedgekeur word.

	Original Budget 2023/24	Roll-Over Adj Budget 2023/24	Original Budget 2024/25	Original Budget 2025/26
Capital budget	209 052 395	240 803 827	218 968 545	208 303 329
Operating Expenditure	1 071 330 062	1 072 205 062	1 174 132 994	1 371 930 505
Operating Revenue	1 192 485 181	1 221 543 458	1 311 049 716	1 489 696 468
Budgeted (Surplus)/ Deficit	(121 155 119)	(149 338 396)	(136 916 722)	(117 765 963)
Less: Capital Grants and Donations	107 386 943	135 980 220	115 594 000	91 660 000
(Surplus)/ Deficit	(13 768 176)	(13 358 176)	(21 322 722)	(26 105 963)

- (e) That it be noted that the changes to the budget will have no impact on tariffs in respect of the 2023/2024 financial year or beyond, whilst the budgeted net surplus of R13 768 176 will change to R13 358 176;
- (f) That approval be granted to **decrease the Deposit fee** for the Key and Entrance tag to R100, that was erroneously increased to R120 for the current 2023/24 financial year;
- (g) That the adjusted budget schedules as required by the Budget and Reporting Regulations be approved as set out in **(Annexure B: Budget Report and B-Schedules 2023-24 – 2025/26)**;
- (h) That the Director: Financial Services adhere to the requirements of the Budget Circulars and Budget Reforms in the context of the reporting requirements to Provincial and National Treasury;
- (i) That the Service Delivery Budget Implementation Plan (SDBIP) where appropriate be amended accordingly.

4.2 APPROVAL OF THE IDP AND BUDGET TIME SCHEDULE (2/1/4/4/1)

In accordance with Section 21(1)(b) of the Municipal Financial Management Act, Act 56 of 2003 (MFMA) the mayor must submit a time schedule, with key deadlines in respect of the revision of the Integrated Development Plan (IDP) and budgeting process, to the Council at least ten months before the commencement of the budget year.

The time schedule was circulated with the agenda.

Note must be taken of the dissatisfaction of clr J R Papier, supported by clrs P E Soldaka, B J Penxa and A M Booysen that the impression is given that the document was already approved by the Council with the heading – “Approved by Council on 24 August 2023” and the request is that the latter is handled as a draft document until the Council approved it.

RESOLUTION

(proposed by ald J H Cleophas, seconded by clr A K Warnick)

That the attach time schedule for the revision of the 2022-2027 IDP and the compilation of the annual budget be approved in terms of section 21(1) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

4.3 2024 VERGADERINGSKEDULE (3/4/2/1)

Die konsep 2024 Vergaderingskedsule is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O’Kennedy)

- (a) Dat die voorgestelde vergaderingskedsule vir 2024 aanvaar word;
- (b) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op ‘n halfjaarlikse basis;
- (c) Dat elke raadslid van die finale skedsule voorsien word;
- (d) Dat die vergaderingskedsule ook aan die Weskus Distriksmunisipaliteit, SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word vir beplanningsdoeleindes.

4.4 MOSIE ONTVANG VANAF DIE VRYHEIDSFRONT PLUS INSAKE DIE DE HOOP BEHUISINGSPROJEK (3/2/2)

‘n Mosie is ontvang vanaf Rdl A M Booyesen gedateer 16 Augustus 2023 in terme van artikel 37 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Hou van Vergaderings, PK 8649 gedateer 19 Augustus 2022.

Die mosie handel met verskeie aspekte insake die De Hoop Behuisingsprojek en gee die Speaker geleentheid aan rdl A M Booyesen om die mosie toe te lig.

Rdl D G Bess noem dat die mosie ingedien deur rdl A M Booyesen ondersteun word, met verwysing van die GOP Strategiese Doelwit Nr. 3, naamlik dat die lewering van kwaliteit en betroubare dienste aan alle inwoners nie onderhandelbaar is nie.

Alhoewel rdl A K Warnick die mosie ondersteun, word die beweegrede van rdl Booyesen om die mosie voor die Raad te laat dien bevraagteken in die lig daarvan dat rdl Booyesen op 7 Julie 2023 ‘n Facebook-plasing gedoen het aangaande die De Hoop Behuisingsprojek wat onakkurate inligting bevat het. Rdl Warnick bevestig dat voormelde optrede teenstrydig is met die Gedragkode vir Raadslede en versoek dat ‘n ondersoek gelas word.

Rdl A M Booyesen bevestig dat ‘n ondersoek ingevolge die Gedragkode vir Raadslede reeds teen haar ingestel is en dat dit nie nou tersaaklik is nie. Rdl Booyesen noem dat sy op verskeie geleenthede vanaf September 2022 die defekte aan huise in die De Hoop Behuisingsprojek aan die Raad gerapporteer het en sy in besit is van stawende bewysstukke. Verder kan die opnames van raadsvergaderings nagegaan word om voormelde te staaf, ook waar rdl Penxa dit onder die Raad se aandag gebring het dat ‘n dubbelverdiepingwoning besig is om inmekaar te sak..

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die mosie, soos ingedien deur rdl A M Booyesen, aanvaar word en dat terugvoering aan rdl Booyesen voorsien word binne 14 tot 21 dae;
- (b) Dat die volgende inligting aan die Raad beskikbaar gestel word ten opsigte van die De Hoop Behuisingsprojek:
 - (i) Die aantal huise wat reeds gebou is en die uitgawe daaraan verbonde;
 - (ii) Die aantal huise wat met defekte aangemeld is en die uitgawe verbonde aan die herstelwerk daarvan;
 - (iii) Bevestiging of daar planne in plek is om met die defekte te handel;
 - (iv) Bevestiging of daar al enige retensiegelde aan die kontrakteur uitbetaal is.

4.5/...

4.3 2024 MEETING SCHEDULE (3/4/2/1)

The draft 2024 Meeting Schedule was circulated with the agenda.

RESOLUTION

(proposed by clr A K Warnick, seconded by clr E C O'Kennedy)

- (a) That the proposed meeting schedule for 2024 be accepted;
- (b) That the dates be published bi-annually in the local media for public cognisance, as well as on the municipal website;
- (c) That each councillor be furnished with a copy of the final schedule;
- (d) That the meeting schedule be forwarded to the West Coast District Municipality, SALGA and the Provincial Department of Local Government to use for planning purposes.

4.4 MOTION RECEIVED FROM THE FREEDOM FRONT PLUS IN RESPECT OF THE DE HOOP HOUSING PROJECT (3/2/2)

A motion was received from clr A M Booysen, dated 16 August 2023, in respect of section 37 of the Swartland Municipality: Regulation in respect of the Holding of Meetings, PK 8649 dated 19 August 2022.

The motion deals with various aspects of the De Hoop Housing Project and the Speaker gave clr A M Booysen the opportunity to explain the motion.

Clr D G Bess stated that the motion handed in by clr A M Booysen is supported, with reference to the IDP Strategic Purpose nr 3, namely that the delivery of quality and reliable services to all residents is not negotiable.

Although clr A K Warnick supports the motion, clr Booysen's motive for bringing the motion before the Council is questioned in light of the fact that clr Booysen's Facebook posting of 7 July 2023, in respect of the De Hoop Housing Project, contained inaccurate information. Clr Warnick confirmed that the latter action is contradictory to the Code of Conduct for Councillors and requested that an investigation be launched.

Clr A M Booysen confirmed that an investigation had already been launched against her in accordance with the Code of Conduct for Councillors and that it is not relevant at present. Clr Booysen stated that she had reported the defects in houses in the de Hoop Housing Project to the Council on various occasions since September 2022 and that she is in possession of corroborating documentary evidence. The records of the council meetings can also be checked in order to confirm the latter, and also where clr Penxa brought to the Council's attention the fact that a double storey house was busy falling down.

RESOLUTION

(proposed by clr D G Bess, seconded by clr A K Warnick)

- (a) That the motion handed in by clr A M Booysen is accepted and that feedback will be supplied to clr Booysen within 14 to 21 days;
- (b) That the following information will be made available to the Council in respect of the De Hoop Housing Project:
 - (i) The number of houses which have already been built and the expense in respect thereof;
 - (ii) The number of houses with defects which have been reported and the amounts spent on repairs;
 - (iii) Confirmation of plans in place to deal with the defects;
 - (iv) Confirmation of any retention amounts having been paid to the contractor.

4.5/...

4.5 RAADSLIDVERGOEDING: 2022/2023 FINANSIËLE JAAR (5/10/1)

Goewermentskennisgewing Nr 3807 soos afgekondig in Staatskoerant 49142 gedateer 18 Augustus 2023, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir die Munisipaliteit as 'n Graad 4 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2022/2023 finansiële jaar, is met die sakelys gesirkuleer.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word beslis met 21 stemme ten gunste daarvan met een raadslid wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van Goewermentskennisgewing 3807 soos afgekondig in Staatskoerant 49142 gedateer 18 Augustus 2023, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir die Munisipaliteit as 'n Graad 4 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2022/23 finansiële jaar, soos toegelig in Aanhangsel B tot hierdie verslag;
- (b) Dat kennis geneem word dat daar genoegsame voorsiening in die 2023/24 bedryfsbegroting gemaak is om die verhoogde toelaes en voordele te dek, en dat die Raad goedkeuring gevolglik verleen vir die implementering daarvan, terugwerkend vanaf 1 Julie 2022;
- (c) Dat daar voldoen sal word aan die oorlegplegingsvereistes van die LUR vir plaaslike regering ten einde lg. se instemming te bekom vir die implementering van die gewysigde toelaes en voordele;
- (d) Dat die Munisipale Bestuurder hom vergewis dat die inligting wat in terme van Item 18 van die Goewermentskennisgewing vereis word aan die LUR vir plaaslike regering voorgelê word, teen nie later nie as 17 September 2023;
- (e) Dat die Munisipaliteit sy misnoeë uitspreek teenoor die Nasionale Minister ten aansien van die feit dat die laat afkondiging van die boperke verhoed dat munisipaliteite pro-aktief kan begroot, en die onbedoelde gevolg van sodanige laat afkondiging wat behels dat oorlegpleging met die LUR nie betyds/effektief mee gehandel kan word nie, en dat terugbetalings aan raadslede eers in die daaropvolgende finansiële jaar geskied wat nie goeie praktyk is nie.

**GETEKEN:
SPEAKER**

4.5 COUNCILLORS REMUNERATION: 2022/2023 FINANCIAL YEAR (5/10/1)

Government Notice Nr 3807 which appeared in Government Gazette 49142 dated 18 August 2023, as well as the implications of the increased grants and fringe benefits for the Municipality as a Grade 4 local authority in respect of the 2022/2023 financial year were circulated with the agenda.

The Speaker brought the matter to the vote and it was decided with 21 votes in favour thereof, with one councillor who did not vote.

RESOLUTION

(proposed by clr N Smit, seconded by clr A K Warnick)

- (a) That the contents of Government Notice 3807 as published in Government Gazette 49142 dated 18 August 2023 be noted, as well as the implications of same in respect of the increased allowances and benefits payable in respect of the 2022/23 financial year by the Municipality as a Grade 4 local authority, as explained in Annexure B to this report;
- (b) That cognisance be taken that adequate provision has been made in the 2023/24 operating budget in order to cover the increased allowances and benefits, and that the implementation of same thereof be approved, with retrospective effect from 1 July 2022;
- (c) That the consultation prescripts of the MEC for local government be complied with in order to obtain the latter's approval for the implementation of the amended allowances and benefits;
- (d) That the Municipal Manager ensures that the information required in terms of Item 18 of the Government Notice be submitted to the MEC for local government, by no later than 17 September 2023;
- (e) That the Municipality expresses its dissatisfaction with the National Minister regarding the fact that late promulgation of the upper limits, prevents pro-active budgeting by municipalities, and the unintended consequence of such late promulgation being that consultation with the MEC cannot be dealt with timeously/effectively, resulting in the back payment of councillors only taking place in the ensuing financial year, which does not constitute good practice.

**SIGNED:
SPEAKER**



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 19 JULIE 2023 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Rdh M A Rangasamy (Speaker)

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekreatiaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en open die vergadering.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 13 JUNIE 2023

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Junie 2023 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1.1 BEDRAG WERKLIK AFGESKRYF TEN OPSIGTE VAN DEERNISHUISHOUDINGS EN ANDER ONINVORDERBARE SKULDE (5/7/3)



MINUTES OF A MEETING OF THE EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE HELD IN THE BANQUETING HALL, MALMESBURY ON WEDNESDAY, 19 JULY 2023 AT 10:00

PRESENT:

Executive Mayor, ald J H Cleophas (chairman)
Deputy Executive Mayor, clr J M de Beer

Members of the Mayor's Committee:

Clr D G Bess
Clr N Smit
Ald T van Essen
Clr A K Warnick

Other councillors:

ald M A Rangasamy (Speaker)

Officials:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Financial Services, mr M A C Bolton
Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Director: Protection Services, mr P A C Humphreys
Director: Development Services, ms J S Krieger
Director: Corporate Services, ms M S Terblanche
Manager: Secretarial and Record Services, ms N Brand

1. OPENING

The chairman welcomed members and opened the meeting.

2. APOLOGIES

None.

3. SUBMISSIONS/DEPUTATIONS/COMMUNICATIONS

None.

4. MINUTES

4.1 MINUTES OF AN ORDINARY EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE MEETING HELD ON 13 JUNE 2023

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr A K Warnick)

That the minutes of an Ordinary Meeting of the Executive Mayor's Committee held on 13 June 2023 are approved and signed by the Executive Mayor.

5. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

5.1.1 REAL AMOUNT WRITTEN OFF IN RESPECT OF DESTITUTE HOUSEHOLDS AND OTHER IRRECOVERABLE DEBT (5/7/3)

5.1.1/...

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 13 Junie 2023 in beginsel goedkeuring verleen vir die afskrywing van oninbare skulde, onderhewig daaraan dat na die afhandeling van alle aksies, onder andere sosio-ekonomiese ondersoeke, die werklike bedrae voorgelê sal word.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings R3 761 748,91 beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde R244 409,30 beloop;
- (b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat –
 - (i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 7 van die Deernisbeleid); of
 - (ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of
 - (iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;
- (c) Dat kennis geneem word dat indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. 'n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

6. **MAANDVERSLAG: MEI 2023**

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 4 word ingesluit in die artikel 52 MFMA-verslag wat op 27 Julie 2023 aan die Raad voorgelê sal word, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direktorate.]

6.1 **SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)****BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktooraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2023.

6.2 **ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)****BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktooraat: Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van Mei 2023.

6.3 **ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)****BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktooraat: Ontwikkelingsdienste ten opsigte van Mei 2023.

6.4 **BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)**

- 6.4.1 **VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS**
- 6.4.2 **BRANDWEERDIENSTE**

5.1.1/...

The Executive Mayor's Committee approved in principle the write-off of irrecoverable debt on 13 June 2023, subject to dealing with all the actions, inter alia, socio-economic investigations, after which the real amounts would be submitted.

RESOLUTION

- (a) That cognizance is taken that the actual amount written off in respect of indigent households amounted to R 3 761 748,91 and in respect of other irrecoverable debt amounted to R 244 409,30;
- (b) That further cognizance is taken that Swartland Municipality reserves the right to do a reversal of any amount that was written off to the relevant debtor and that all necessary steps will be taken to recover the debt, if it comes to light after the date of this approval that –
 - (i) a household did not comply with the indigent criteria (as determined in Chapter 7: of the Indigent Policy); or
 - (ii) a portion of, or the total debt of a debtor was not correct; or
 - (iii) information came forth that was not known to the Executive Mayoral Committee when the writing off was considered, that would have influenced the decision of the committee;
- (c) That cognizance is taken that if the property is alienated in any way; Swartland Municipality reserves the right to refuse clearance on the property in question in order to first recover the amounts written off. A register is kept in this regard at the Property Rates Division in order to determine if any amounts were written off for the previous two years, in order to recover the write-off amount before clearance is given.

6. **MONTHLY REPORT: MAY 2023**

[Note: The performance and financial information in respect of Quarter 4 will be included in the section 52 MFMA report, which will be submitted to the Council on 27 July 2023, after which only additional reports applicable to the relevant directorates will be submitted.]

6.1 **CIVIL ENGINEERING SERVICES (7/1/2/2-4)****RESOLUTION**

(proposed by clr D G Bess, seconded by ald T van Essen)

That note is taken of the contents of the monthly report from the Directorate: Civil Engineering Services in respect of May 2023.

6.2 **ELECTRICAL ENGINEERING SERVICES (7/1/2/2-6)****RESOLUTION**

(proposed by clr D G Bess, seconded by ald T van Essen)

That note is taken of the contents of the monthly report from the Directorate: Electrical Engineering Services in respect of May 2023.

6.3 **DEVELOPMENT SERVICES (7/1/2/2-5)****RESOLUTION**

(proposed by clr D G Bess, seconded by ald T van Essen)

That note is taken of the contents of the monthly report from the Directorate: Development Services in respect of May 2023.

6.4 **PROTECTION SERVICES (7/1/2/2-3)**

- 6.4.1 **TRAFFIC AND LAW ENFORCEMENT SERVICES**
- 6.4.2 **FIRE SERVICES**

6.4/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Beskermingsdienste ten opsigte van Mei 2023.

7. NUWE SAKE**7.1 AANVAARDING VAN VERORDENING INSAKE ELEKTRISITEITSVOORSIENING (1/1; 1/1/3/16)**

Die konsep Verordening insake Elektrisiteitsvoorsiening is op 28 April 2023 aan die Raad voorgelê om 'n publieke deelnameproses te deurloop.

Die sluitingsdatum vir kommentaar was 26 Junie 2023 en geen insette/kommentaar is ontvang nie.

Die Verordening insake Elektrisiteitsvoorsiening is gewysig om, onder andere, in te sluit die regulering van elektriese opwekkingstoerusting en die tolragverspreiding van elektrisiteit.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 27 Julie 2023)

- (a) Dat die volgende verordening aangeneem word deur die Raad, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:
 - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Elektrisiteitsvoorsiening
- (b) Dat boetes vir ootredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie.

7.2 HERAANSTELLING VAN LID VAN PRESTASIE- EN RISIKO OUDITKOMITEE (11/1/3/1/7)

Me R Gani is aangestel as lid van die Prestasie-, Risiko en Ouditkomitee met ingang van 1 Augustus 2020 vir 'n termyn van drie jaar.

MFMA Omsendbrief 65 gedateer 12 November 2012 moedig die rotasie van lede aan ten einde die onafhanklikheid van die Ouditkomitee te verseker en bepaal dat die aanstelling van lede nie 'n aaneenlopende termyn van ses jaar oorskry nie.

Dit word dus aanbeveel dat me R Gani vir 'n verdere termyn van drie jaar aangestel word, aangesien sy 'n waardevolle bydrae lewer tot die funksionering van die eksterne ouditkomitee.

BESLUIT

Dat die ampstermyn van me R Gani nie die tydperk van ses jaar oorskry, soos aangedui in Omsendbrief 65 van die MFMA nie, en ten einde die kontinuïteit en voortbestaan van die komitee te verseker:

- (a) Goedkeuring verleen word vir die hernuwing van me R Gani se kontrak as lid van die gekombineerde Prestasie- Risiko en Ouditkomitee vir 'n verdere ampstermyn van 1 Augustus 2023 tot 31 Julie 2026;
- (b) Kennis geneem word dat me Gani is toegewyd en gedurende die afgelope ampstermyn uitstekende diens gelewer het.

7.3 KAPITAALSPANDERING VIR DIE 2022/2023 FINANSIËLE JAAR (2/4/2)

Met 'n Spesiale Aansuiweringsbegroting het die Raad op 30 Maart 2023 goedkeuring verleen vir die allokering van R10 945 000 wat ontvang was vanaf die provinsiale regering. Die doel van die finansiële bydrae aan munisipaliteite is vir die aankoop en installering van rugsteun-energievoorsiening vir water- en sanitasiefasiliteite om basiese dienslewering te verseker en potensiele gesondheidsrisiko's te voorkom.

6.4/...

RESOLUTION

(proposed by clr D G Bess, seconded by ald T van Essen)

That note is taken of the contents of the monthly report from the Directorate Protection Services in respect of May 2023.

7. NEW MATTERS**7.1 ADOPTION OF THE REGULATION IN RESPECT OF PROVISION OF ELECTRICITY (1/1; 1/1/3/16)**

The draft Regulation in respect of the Provision of Electricity was submitted to the Council on 28 April 2023 in order to initiate the public participation process.

The closing date for comments was 26 June 2023 and no comments/input were received.

The Regulation in respect of the Provision of Electricity was revised, inter alia, in order to include the electricity generating equipment and the wheeling of electricity.

RESOLUTION (for recommendation to the Council on 27 July 2023)

- (a) That the following by-law be adopted by Council, to take effect on date of promulgation in the Provincial Gazette:
 - Swartland Municipality: Electricity Supply By-law;
- (b) That fines for offences of the by-law be determined by the Department of Justice.

7.2 REAPPOINTMENT OF A MEMBER OF THE PERFORMANCE AND RISK AUDIT COMMITTEE (11/1/3/1/7)

Ms R Gani was appointed as a member of the Performance and Risk Audit Committee as of 1 August 2020 for a period of three years.

MFMA Circular 65 dated 12 November 2012 motivated the rotation of members in order to ensure the independence of the Audit Committee and stipulated that the appointment of a member could not be longer than six years continuously.

It has therefore been recommended that ms R Gani is appointed for a further period of three years, because she provides a meaningful contribution to the functioning of the external audit committee.

RESOLUTION

That the term of office of ms R Gani does not exceed six years, as indicated in Circular 65 of the MFMA, in order to ensure the continuity and sustainability of the committee.

- (a) The renewal of Ms. R Gani's contract as member of the combined Performance, Risk and Audit Committee for a further term of office from 01 August 2023 to 31 July 2026;
- (b) That Ms. Gani is committed and have provided an excellent service over her past term of office.

7.3 CAPITAL SPENDING FOR THE 2022/2023 FINANCIAL YEAR (2/4/2)

On 30 March 2023 the Council approved a Special Adjusted Budget for the allocation of R10 945 000, received from the provincial government. The reason of the financial grant to the municipality is for the purchase and installation of backup energy provision for water and sanitation facilities in order to ensure basic service delivery and to prevent potential health risks.

7.3/...

Die Direkoraat: Siviele Ingenieursdienste het so spoedig moontlik na die allokering 'n aanvang geneem met die tenderproses en het die tenders gesluit op 21 April 2023. Die tender is op 18 Mei 2023 toegeken en het die suksesvolle tender aangedui dat die afleweringstydperk tot 38 weke kan beloop.

Die Provinsiale Tesourie het op 12 Julie 2023 goedkeuring verleen dat die fondse by wyse van 'n Oorrol Aansuiweringsbegroting in die 2023/2024 finansiële jaar spandeer kan word.

Met voormelde as agtergrond het die verslag ten doel om aan te beveel dat die toegekende fondse uitgelaat word in die berekening van die persentasie kapitaalspandering vir die 2023/2024 finansiële jaar.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word van die poging wat aangewend is deur die Direkoraat: Siviele Ingenieursdienste om so spoedig moontlik na die rapportering van die befondsing tydens die Raadsvergadering van 31 Maart 2023, op tenders uit te gaan vir rugsteun-generators ten bedrae van R10 945 000;
- (b) Dat verdere kennis geneem word dat die tender op 18 Mei 2023 toegeken is met 'n voltooiingstydperk van 38 weke;
- (c) Dat die persentasie kapitaalspandering op kapitaalprojekte vir 2022/2023 finansiële jaar as volg is:
 - R10 945 000 ingesluit = 91.23%
 - R10 945 000 uitgesluit = 95.77%
- (d) Dat, met voormelde in ag genome, goedkeuring verleen word om die befondsing nie in aanmerking te neem vir die berekening van die persentasie kapitaalspandering op kapitaalprojekte vir die 2022/2023 finansiële jaar nie;
- (e) Dat die beginsel aanvaar word dat enige gelde wat na 31 Januarie ontvang word, nie in berekening gebring word om die persentasie kapitaalspandering op kapitaalprojekte vir die betrokke finansiële jaar te bepaal nie.

7.4 KWARTAALVERSLAG OOR DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/2)

Die verslag insake die kwartaallike prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningskanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan Artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasië-indikator van die Munisipale Bestuurder.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die kwartaallike verslag insake die prestasie van kontrakteurs vir die periode 1 April 2023 tot 30 Junie 2023.

7.5 JAARVERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIËLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2023 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 is met die sakelys gesirkuleer.

Besluit/...

7.3/...

The Directorate: Civil Engineering Services proceeded with the tender process as quickly as possible after the allocation, and the tenders closed on 21 April 2023. The tender was awarded on 18 May 2023 and the successful tenderer indicated that the delivery time would be 38 weeks.

The Provincial Treasurer approved, on 12 July 2023, the spending of the funds by means of a Rollover Adjusted Budget in the 2023/2024 financial year.

With the above mentioned background the report aims to recommend that the allocated funds are omitted in the calculation of the performance capital spending for the 2023/2024 financial year.

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr N Smit)

- (a) That cognisance be taken of the effort by the Directorate: Civil Engineering Services to invite tenders as soon as possible after the announcement of the additional grant funding at the Council meeting of 31 March 2023 for back-up generators to the amount of R10 945 000;
- (b) That cognisance be further taken that the tender was awarded on 18 May 2023 with a completion period of 38 weeks;
- (c) That the percentage of capital spending on capital projects for the 2022/2023 financial year is as follows:
 - R10 945 000 included = 91.23%
 - R10 945 000 excluded = 95.77%
- (d) That, in considering the above, approval be granted to exclude the funding from the calculation of the capital spending on capital projects for the 2022/2023 financial year;
- (e) That it is approved in principle that any monies received after 31 January, are not included in the calculation to determine the performance capital spending on capital projects for the relevant financial year.

7.4 QUARTERLY REPORT IN RESPECT OF PERFORMANCE OF CONTRACTORS (8/1/B/2)

The report in respect of the quarterly performance evaluation of contractors appointed in accordance with the Supply Chain Management Policy, was submitted in compliance with Section 116(2) of the MFMA and the core performance indicator of the Municipal Manager.

RESOLUTION

That cognisance be taken of the quarterly report regarding the performance of contractors for the period 1 April 2023 to 30 June 2023.

7.5 ANNUAL REPORT IN RESPECT OF THE IMPLEMENTATION OF THE SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY FOR THE FINANCIAL YEAR ENDING 30 JUNE 2023 (8/1/B/2)

Regulation 6(2)(a)(i) of the *Municipal Supply Chain Management Regulations* stipulates that a report must be submitted to the Council annually in respect of the implementation of the Supply Chain Management Policy.

The annual report for the period 1 July 2022 to 30 June 2023 was circulated with the agenda.

Resolution/...

7.5/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag insake die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid gedurende die 2022/2023 finansiële jaar ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2023 tot 30 Junie 2023 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D). Kennis moet geneem word dat betalings nog in die 2022/2023 finansiële jaar gefinaliseer moet word en sal enige verskille ten opsigte van Kwartaal 4 ingevolge wetgewing in die volgende kwartaalverslag vermeld word, onderhewig aan die transaksies/syfers wat die volledigheid van die finansiële state mag beïnvloed.

7.6 UITSTAANDE DEBITEURE: JUNIE 2023 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Junie 2023.

7.7 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 Junie 2023 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.8 VERHUUR VAN GEBOU TE LANGSTRAAT, ABBOTSDALE (12/1/3/1-1/1)

Die Raad verhuur die gebou op Erf 604, Langstraat, Abbotsdale aan die ACVV vir doeleindes van die uitvoering van hul gemeenskapsaktiwiteite.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat die organisasie 'n waardevolle bydrae lewer tot die gemeenskap en word die aansoek om die gebou vir 'n verdere vyf jaar te huur, ondersteun.

BESLUIT

(opvoorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die gebou geleë te Erf 604, Abbotsdale vir 'n verdere termyn van vyf (5) jaar, met ingang 1 Augustus 2023, aan die ACVV verhuur word vir doeleindes van hul gemeenskapsaktiwiteite;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R200.00 per jaar, BTW uitgesluit.

7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN CASE 580T LAAIGRAAF, CK 43210 (8/1/B/2)

Die Case 580T Laaigraaf is aangewend tydens die konstruksie van die GAP-behuisingsprojek in Darling vir die grawe van slote vir die aanlê van kables. Die voertuig het ontklaar geraak en kon glad nie weer aangeskakel word nie.

RESOLUTION

(proposed by clr A K Warnick, seconded by clr D G Bess)

- (a) That cognisance is taken of the Annual Report regarding the implementation of the Supply Chain Management Policy in accordance with section 6(2)(a)(i) of the Regulations, as well as reports on the Formal Tenders (Annexure A), Informal Tenders (Annexure B), and the Deviation Report (Annexure C);
- (b) That cognisance is taken of the services rendered for the period 1 April 2023 to 30 June 2023 with reference to the exceptions where it is impractical to test the market and therefore justified a deviation from the procurement processes in terms of paragraph 2(6) of the Supply Chain Management Policy (Annexure D). It must be noted that payments must still be finalised for the 2022/2023 financial year. To comply with legislation in terms of quarter 4, any differences will be highlighted in the following SCM quarterly report, subject to figures/transactions that would have an impact on the completeness of the financial statements.

7.6 OUTSTANDING DEBTORS: JUNE 2023 (5/7/1/1)

A full report in respect of the outstanding debtors was circulated with the agenda.

RESOLUTION

(proposed by clr N Smit, seconded by clr D G Bess)

That cognisance be taken of the report with reference to the state of the outstanding debtors of Swartland Municipality for June 2023.

7.7 PROGRESS IN RESPECT OF OUTSTANDING INSURANCE CLAIMS (5/14/3/5)

In accordance with the Asset Management Policy outstanding insurance claims must be reported monthly.

RESOLUTION

That cognisance be taken of the state of outstanding insurance claims up to and including 30 June 2023 as circulated with the agenda.

7.8 LEASE OF BUILDING IN LONG STREET, ABBOTSDALE (12/1/3/1-1/1)

The Council leases the building on Erf 604, Long Street, Abbotsdale to the ACVV for carrying out their community activities.

The Director: Corporate Services stated that the organization delivers a meaningful service to the community and supports the application to lease the building for a further five year period.

RESOLUTION

(proposed by clr J M de Beer, seconded by clr A K Warnick)

- (a) That the building situated on Erf 604 Abbotsdale be leased to the ACVV for a further term of five (5) years, with effect from 1 August 2023, for purposes of their community activities;
- (b) That a rental tariff of R200.00 per annum, plus VAT excluding be determined.

7.9 DEPARTURE FROM THE PRESCRIBED PROCUREMENT PROCEDURE: REPAIRS TO CASE 580T FRONTEND LOADER, CK 43210 (8/1/B/2)

The Case 580T Frontend Loader is used during the construction of the GAP housing project in Darling for the digging of trenches for the laying of cables. The vehicle stopped working and could not be restarted.

A local workshop, Darling Herstel Dienste, which is well known for repairs to heavy vehicles,

7.9/...

'n Naby geleë werkwinkel, Darling Herstel Dienste, wat bekend is vir die herstel van swaarvoertuie is genader om die laaigraaf in te sleep na die werkwinkel waarna die skade bepaal is.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstel van die laaigraaf, CK 43210, deur *Darling Herstel Dienste* ten bedrae van R69 506,00 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) die laaigraaf het onklaar geraak gedurende die uitvoering van 'n kapitaalprojek by die Darling GAP-behuisingsprojek;
 - (ii) die diensverskaffer kon eers die skade bepaal en 'n kwotasie voorsien nadat die masjien uitmekaar gehaal is;
 - (iii) die herstel van die voertuig was dringend ten einde die projek te voltooi en is gevolglik as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R69 506,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/7-25-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN SKAKELTUIG BY BRUG-SUBSTASIE (8/1/B/2)

'n Interne fout op een van die stroombekers is ervaar tydens gure weer by die 11kV Brug-substasie. Die toevoer kon tydelik herstel word deur van die ringnetwerk gebruik te maak, maar die herstel van die substasie is as 'n noodgeval hanteer om enige verdere kragverliese te voorkom.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die dringende herstel van die Brug-substasie deur *ABB* ten bedrae van R104 419,00 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses is dat die skade aan die skakeltuig by die Brug-substasie as gevolg van 'n interne isolasie fout as 'n noodgeval op die netwerk beskou is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R69 506,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/7-25-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN BESKADIGDE VERKEERSLIGTE (8/1/B/2)

Die kabel wat/...

7.9/...

was approached to tow the frontend loader to the workshop where the damage was ascertained.

RESOLUTION

- (a) That the Executive Mayoral Committees take note of the deviation from the prescribed procurement procedures in terms of clause 36(2) of the Supply Chain Management Policy;
- (b) That further notice be taken of the action of the Municipal Manager to approve the repair of the Digger Loader CK 43210 by *Darling Herstel Dienste* for the value of R69 506 (excluding VAT);
- (c) That the reason for the deviation from the prescribed procurement process be recorded as follows:
 - (i) The digger loader broke down while being used for the execution of capital work on the Darling Gap Project;
 - (ii) The Supplier had to strip and inspect the engine to determine the problem and provide a quote;
 - (iii) The repair of the machine was urgent to ensure completion of the project and was handled as an emergency;
- (d) That it be noted that the expenditure was allocated to mSCOA vote 9/7-25-5 and that there was sufficient funding available for the order in the amount of R69 510.00 excluding VAT;
- (e) That the Manager: Financial Statements and Control be requested to include the above reasons as a note to the financial statements, when same are compiled.

7.10 DEPARTURE FROM THE PRESCRIBED PROCUREMENT PROCEDURE: REPAIRS TO THE SWITCH GEAR AT THE BRIDGE SUBSTATION (8/1/B/2)

An internal fault on one of the circuit-breakers was experienced during bad weather at the 11kV Bridge Substation. The supply could be fixed temporarily by making use of the ring network, but the repairs to the substation were treated as an emergency in order to prevent further loss of power.

RESOLUTION

(proposed by clr A K Warnick, seconded by clr D G Bess)

- (a) That the Executive Mayoral Committees take note of the deviation from the prescribed procurement procedures in terms of clause 36(2) of the Supply Chain Management Policy;
- (b) That further notice be taken of the action of the Municipal Manager to approve the emergency repair of the Switchgear at Brug Substation by *ABB* to the value of R104 419.00 excluding VAT;
- (c) That the reason for the deviation from the prescribed procurement process be recorded as damage to the switchgear at Brug substation due to internal insulation breakdown resulting in a network emergency;
- (d) That the expenditure was allocated to mSCOA vote 9/117-547-342 and that there was sufficient funding available for the order in the amount of R 104 419.00 excluding VAT;
- (e) That the Manager: Financial Statements and Control be requested to include the above reasons as a note to the financial statements, when same are compiled.

7.11/...

Die kabel wat die verkeersligte op die h/v Bokomoweg en Hoogstraat van elektrisiteit voorsien is deur 'n boukontraakteur beskadig. Verder is drie verkeersligpale by die Darlingweg-kruising met die N7-oprit na Moorreesburg deur 'n dronk bestuurder omgery.

Beide hierdie interseksies is baie besig en die herstel van die verkeersligte is as 'n noodgeval hanteer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die herstel van die verkeersligte – wat veroorsaak was deur eksterne kragte – in Darling- en Bokomoweg deur *RJV Works* ten bedrae van R103 300,52 (BTW ingesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) die verkeersligte is deur eksterne kragte beskadig, naamlik –
 - 'n kontrakteur wat die kragkabel beskadig het;
 - 'n dronk bestuurder wat die verkeersligpale omgery het;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R103 300,52 (BTW ingesluit) teen posnummers 9/253-747-1123 en 9/252-1103-3450 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTELLING VAN DIENSVERSKAFER VIR DIE OPGRADERING VAN DIE REMTOETSMASJIE SE SAGTEWARE EN KLIBRERING VAN DIE TOERUSTING BY DIE MALMESBURY VOERTUIGTOETSENTRUM (8/1/B/2)

Die Munisipaliteit beskik oor twee toetssentrum by onderskeidelik die Malmesbury en Moorreesburg Verkeersafdeling. Die sagteware en remtoetsmasjien by die Malmesbury Verkeersafdeling is verouderd met die gevolg dat resultate nie onmiddellik beskikbaar is nie en dat daar nie voldoende word aan die SANS-standaarde nie. Laasgenoemde standaard bepaal verder dat die toerusting op 'n jaarlikse basis gekalibreer moet word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die kwotasie van *Workshop Electronic (Pty) Ltd* te aanvaar vir die opgradering van die sagteware van die remtoetsmasjien en kalibrering van die toerusting by die Malmesbury Voertuigtoetsasie ten bedrae van R36 064,80 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) die *Miltron*-remtoetsmasjien is aangekoop vanaf *Workshop Electronics (Pty) Ltd* wat die vervaardiger van hierdie tipe toerusting is;

7.11 DEPARTURE FROM THE PRESCRIBED PROCUREMENT PROCEDURE: REPAIRS TO DAMAGED TRAFFIC LIGHTS (8/1/B/2)

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviële Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Komitee beampte, me S Willems

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Ontwikkelingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGSDIENSTE) GEHOU OP 7 JUNIE 2023

BESLUIT

(voorgestel deur rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkelingsdienste) gehou op 7 Junie 2023 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen



MINUTES OF A MEETING OF THE DEVELOPMENT SERVICES PORTFOLIO COMMITTEE OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD ON WEDNESDAY, 8 AUGUST 2023 AT 10:30

PRESENT:

COUNCILLORS:

Chairperson, cllr G Vermeulen
Deputy chairperson, cllr D G Bess

Booyesen, A M	Pypers, D C
Daniels, C	Rangasamy, M A (ald)
De Beer, J M	Smit, N
Le Minnie, I S	Soldaka, P E
Ngozi, M	

The Executive Mayor, ald J H Cleophas (ex-officio)

OFFICIALS:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Protection Services, mr P A C Humphreys
Director: Corporate Services, M S Terblanche
Director: Development Services, ms J S Krieger
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller
Committee Officer, ms S Willems

1. OPENING/APOLOGIES

The chairperson welcomed the members.

The chairperson confirmed the presence of councillors serving on the Portfolio Committee: Development Services.

Apologies received from the Director: Financial Services, mr M A C Bolton.

2. MINUTES

2.1 MINUTES OF A PORTFOLIO COMMITTEE MEETING (DEVELOPMENT SERVICES) HELD ON 7 JUNE 2023

RESOLUTION

(proposed by cllr N Smit, seconded by cllr D C Pypers)

That the minutes of a Portfolio Committee Meeting (Development Services) held on 7 June 2023 are approved.

3. SUBMISSIONS/DEPUTATIONS/COMMUNICATIONS

None

4. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

None

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAG: JUNIE 2023

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, gee inligting deur insake die vordering met die onderskeie behuisingsprojekte en die verskeie projekte wat in Swartland Munisipaliteit aangebied word deur Gemeenskapontwikkeling.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste meld, met verwysing na rdl P E Soldaka se navraag insake inspeksies en onderhoud aan RDP huise, dat wanneer 'n huis aan die begunstigdes oorhandig word, is daar verskillende rolspelers betrokke. Wat spesifikasies vir die bou van RDP-huise betref, is daar standaardspesifikasies en kontrakteurs moet by die spesifikasies hou. Provinsiale regering maak ook seker dat die kontrakteurs by die spesifikasies hou. Die begunstigdes neem eienaarskap sodra hulle die titelakte ontvang.

Op navraag deur rdl P E Soldaka insake die behoefte dat SARS ook die kleiner dorpe besoek, meld die Direkteur: Ontwikkelingsdienste dat daar by SARS verneem sal word hoe die instansie se program daarna uitsien vir die res van die jaar, om moontlik ook die kleiner dorpe te besoek.

Rdl A M Booysen verwys na Kontrak T67.20.21 - De Hoop Gesubsidieerde Behuisingsprojek, Malmesbury soos na verwys in die verslag en versoek dat dit as 'n besprekingsitem op die volgende Raadsvergadering geplaas word, asook om 'n onafhanklike ingenieur aan te stel, ten opsigte van die De-Hoop behuisingsprojek.

Die Munisipale Bestuurder meld dat dit die reg van rdl A M Booysen is om 'n mosie in hierdie verband in te dien. Indien die mosie ingedien word, moet dit in terme van die verordening rakende vergaderings gedoen word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl J M De Beer)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir Junie 2023.

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR

6.1 DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

Dat **KENNIS GENEEM** word van die inhoud van die notule van 'n vergadering van die Munisipale Beplanningstribunaal gehou op 7 Junie 2023.

7. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDL G VERMEULEN
VOORSITTER

5. DELEGATED MATTERS

5.1 MONTHLY REPORT: JUNE 2023

The chairperson tabled the monthly report.

The Director: Development Services, gave information regarding the progress with the respective housing projects and the various projects offered in Swartland Municipality by Community Development.

The Director: Development Services stated, with reference to cllr P E Soldaka's inquiry regarding inspections and maintenance of RDP houses, that when a house is handed over to the beneficiaries, there are different role players involved. Regarding specifications for building RDP houses, there are standard specifications and contractors must adhere to the specifications. Provincial government also makes sure that the contractors adhere to the specifications. The beneficiaries take ownership as soon as they receive the title deed.

On question by cllr P E Soldaka regarding the need for SARS to also visit the smaller towns, the Director: Development Services stated that it will be determined from SARS how the institution's program looks for the rest of the year, in order to possibly also visit the smaller towns.

Cllr A M Booysen referred to Contract T67.20.21 - De Hoop Subsidized Housing Project, Malmesbury as referred to in the report and requests that it be placed as a discussion item at the next Council meeting, as well as to appoint an independent engineer, in respect of the De-Hoop housing project.

The Municipal Manager stated that it is the right of cllr A M Booysen to submit a motion in this regard. If the motion is submitted, it must be done in terms of the by-law regarding meetings.

RESOLUTION

(proposed by cllr I S le Minnie, seconded by cllr J M De Beer)

That cognisance be taken of the monthly report of the Directorate Development Services for June 2023.

6. REPORTING REGARDING DELEGATED DECISION MAKING BY

6.1 THE MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL

Cognisance be taken of the minutes of the Municipal Planning Tribunal held on 7 June 2023.

7. MATTERS FOR RECOMMENDATION TO THE EXECUTIVE MAYOR

None

(SGD) CLLR G VERMEULEN
CHAIRPERSON



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BESKERMINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 8 AUGUSTUS 2023 OM 11:03

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdd M van Zyl
Ondervoorsitter, rdl A K Warnick

Bess, D G	Jooste, R J
Daniels, C	Le Minnie, I S
De Beer, J M	Papier, J R
Fortuin, C	Pieters, C

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Komitee beampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Beskermingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton.

BESLUIT dat kennis geneem word dat rdh B J Stanley afwesig is sonder verlof.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (BESKERMINGS-DIENSTE) GEHOU OP 7 JUNIE 2023

BESLUIT

(voorgestel deur rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Beskermingsdienste) gehou op 7 Junie 2023 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE



MINUTES OF A MEETING OF THE PROTECTION SERVICES PORTFOLIO COMMITTEE OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD ON WEDNESDAY, 8 AUGUST 2023 AT 11:03

PRESENT:

COUNCILLORS:

Chairperson, ald M van Zyl
Deputy chairperson, cllr A K Warnick

Bess, D G	Jooste, R J
Daniels, C	Le Minnie, I S
De Beer, J M	Papier, J R
Fortuin, C	Pieters, C

The Executive Mayor, ald J H Cleophas (ex-officio)

OFFICIALS:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Protection Services, mr P A C Humphreys
Director: Corporate Services, M S Terblanche
Director: Development Services, ms J S Krieger
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller
Committee Officer, ms S Willemse

1. OPENING/APOLOGIES

The chairperson welcomed members.

The chairperson confirmed the presence of councillors serving on the Portfolio Committee: Protection Services.

Apologies received from the Director: Financial Services, mr M A C Bolton.

RESOLUTION taken that ald B J Stanley was absent without an apology.

2. MINUTES

2.1 MINUTES OF A PORTFOLIO COMMITTEE MEETING (PROTECTION SERVICES) HELD ON 7 JUNE 2023

BESLUIT

(proposed by cllr A K Warnick, seconded by cllr I S le Minnie)

That the minutes of a Portfolio Committee Meeting (Protection Services) held on 7 June 2023 are approved.

3. SUBMISSIONS/DEPUTATIONS/COMMUNICATIONS

None

4. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

None

5. DELEGATED MATTERS

5.1. MAANDVERSLAG: JUNIE 2023**5.1.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE
5.1.2 BRANDBESTRYDING**

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die sakelys gesirkuleer, ter tafel en gee geleentheid aan die Direkteur: Beskermingsdienste om belangrikste aspekte uit die maandverslag aan raadslede uit te wys.

BESLUIT

(voorgestel deur rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die verslae van die onderskeie afdelings in die Direkoraat Beskermingsdienste, nl. Verkeer- en Wetstoepassing en Brandbestryding vir Junie 2023.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDD M VAN ZYL
VOORSITTER

5.1. MONTHLY REPORT APRIL 2023**5.1.1 TRAFFIC AND LAW ENFORCEMENT SERVICES
5.1.2 FIRE FIGHTING**

The chairperson tabled the monthly and requested the Director: Protection Services, mr P A C Humphreys, to highlight important aspects therein to councillors.

RESOLUTION

(proposed by cllr A K Warnick, seconded by cllr D G Bess)

That cognisance be taken of the monthly reports from the various divisions in the Directorate Protection Services, namely Traffic and Law Enforcement and Fire Fighting, for June 2023.

6. MATTERS FOR RECOMMENDATION TO THE EXECUTIVE MAYOR

None

(SGD) ALD M VAN ZYL
CHAIRPERSON



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOUD IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 20 SEPTEMBER 2023 OM 09:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdh D G Bess
Rdh T van Essen

Ander raadslede:

Rdh M A Rangasamy (Speaker)

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom almal teenwoordig en open die vergadering met gebed.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Dat kennis geneem word van die verskonings ontvang vanaf raadslede N Smit en A K Warnick en die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

KENNIS GENEEM van die mededeling deur die Munisipale Bestuurder dat die volgende fondse deur die Nasionale Regering onttrek is vir die bou van –

- Darling Hoërskool
- Toegangpad na nuwe skool in Ilinge Lethu.

Die komitee spreek hulle ontevredenheid uit oor die besluit van die Nasionale Regering, veral ten opsigte onttrekking van fondse vir die bou van die Darling Hoërskool, aangesien ouers deur die Departement van Onderwys aangeraai is om nie kinders elders in te skryf nie, omrede die nuwe skool sou realiseer.

BESLUIT dat, op versoek van die Uitvoerende Burgemeester, die publiek vroeëtydig in kennis gestel word van die besluit van die Nasionale Departement en die impak van die onttrekking van fondse op projekte van Provinsie en munisipaliteite.

4./...



MINUTES OF A MEETING OF THE EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE HELD IN THE BANQUETING HALL, MALMESBURY ON WEDNESDAY, 20 SEPTEMBER 2023 AT 09:00

PRESENT:

Executive Mayor, ald J H Cleophas (chairman)
Deputy Executive Mayor, clr J M de Beer

Members of the Mayor's Committee:

Clr D G Bess
Ald T van Essen

Other councillors:

Ald M A Rangasamy (Speaker)

Officials:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Financial Services, mr M Bolton
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller
Director: Development Services, ms J S Krieger
Director: Corporate Services, ms M S Terblanche
Senior Manager: Strategic Services, ms O Fransman
Manager: Secretarial and Record Services, ms N Brand

1. OPENING

The Executive Mayor welcomed all present and opened the meeting with a prayer.

2. APOLOGIES

That note is taken of apologies received from councillors N Smit and A K Warnick and the Director: Protection Services, mr P A C Humphreys.

3. SUBMISSIONS/DEPUTATIONS/COMMUNICATIONS

NOTE TAKEN of the communication from the Municipal Manager that the following funds have been withdrawn by the National Government for the building of -

- Darling High School
- Access road to new school in Ilinge Lethu.

The committee discussed their unhappiness with the decision made by the National Government, especially in respect of the withdrawal of funds for the Darling High School, because parents were advised by the Department of Education not to register their children elsewhere because the new school was going to be realised.

RESOLUTION that, at the request of the Executive Mayor, the public are notified in time of the decisions made by the National Government and the impact of the withdrawal of funds on projects of Provincial nature and municipalities.

4./...

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 16 AUGUSTUS 2023

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 16 Augustus 2023 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 18 AUGUSTUS 2023

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 18 Augustus 2023 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.3 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 13 SEPTEMBER 2023
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 13 SEPTEMBER 2023

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

4. MINUTES

4.1 MINUTES OF AN ORDINARY MEETING OF THE EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE HELD ON 16 AUGUST 2023

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr D G Bess)

That the minutes of an Ordinary Meeting of the Executive Mayor's Committee held on 16 August 2023 are approved and signed by the Mayor.

4.2 MINUTES OF A SPECIAL MEETING OF THE EXECUTIVE MAYOR'S COMMITTEE HELD ON 18 AUGUST 2023

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr J M de Beer)

That the minutes of a Special Meeting of the Executive Mayor's Committee held on 18 August 2023 are approved and signed by the Mayor.

4.3 MINUTES OF A PORTFOLIOS COMMITTEE MEETING HELD ON 13 SEPTEMBER 2023
[Corrections held over as the prerogative of the various committees].

5. CONSIDERATION OF RECOMMENDATIONS AND MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

5.1 MINUTES OF A PORTFOLIOS COMMITTEE MEETING HELD ON 13 SEPTEMBER 2023

5.1.1 MUNICIPAL MANAGER, ADMINISTRATION AND FINANCES

RESOLUTION

(proposed by clr D G Bess, seconded by ald T van Essen)

That the Executive Mayor ratifies the recommendations in the relevant minutes.

5.1.2 CIVIL AND ELECTRICAL SERVICES

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr D G Bess)

That the Executive Mayor ratifies the recommendations in the relevant minutes.

5.1.3 DEVELOPMENT SERVICES

RESOLUTION

(proposed by clr D G Bess, seconded by clr J M de Beer)

That the Executive Mayor ratifies the recommendations in the relevant minutes.

5.1.4 PROTECTION SERVICES

RESOLUTION

(proposed by clr J M de Beer, seconded by clr D G Bess)

That the Executive Mayor ratifies the recommendations in the relevant minutes.

6. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

None.

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2023/2024 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die Munisipale Bestuurder noem dat die goedkeuring van die Oorrol Aansuiwering-Kapitaal- en Bedryfsbegroting deur die Raad in Augustus 2023 tot gevolg het dat die SDBIP dienoreenkomstig moet wysig.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2023/2024 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.2 STIGTING VAN MUNISIPALE MODERERINGSKOMITEE (2/4/2)

Die nuwe Personeelregulasies, ingevolge die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 bepaal dat die Munisipaliteit verantwoordelik is vir die stigting van 'n Munisipale Modereringskomitee.

Die hoofdoel van die Modereringskomitee is om toe te sien dat die norme en standaarde vir prestasiebestuur op 'n regverdige, realistiese en konsekwente wyse regoor die direkteur van die Munisipaliteit toegepas word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die stigting van 'n Munisipale Modereringskomitee goedgekeur word bestaande uit die Munisipale Bestuurder (voorsitter), die Direkteure, die Senior: Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste, die Senior Bestuurder: Interne Oudit en die Senior Bestuurder: Strategiese Dienste.

7.3 MANDAAT VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE (5/15/1/3)

Die Handves van die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee bevat die rolle en verantwoordelikhede van lede en moet op 'n gereelde basis hersien word vir goedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Handves van die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur en deur die lede van die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee aanvaar word om lede bewus te maak van hul verantwoordelikhede.

7.4 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 22 MEI 2023 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 22 Mei 2023 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee se vergadering van 22 Mei 2023.

7. NEW MATTERS

7.1 AMENDMENTS TO THE 2023/2024 SERVICE DELIVERY AND BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) (2/4/2)

The Municipal Manager stated that the approval of the Rollover Adjusted Capital and Operating Budgets by the Council in August 2023 necessitates amendments to the SDBIP.

RESOLUTION

(proposed by clr J M de Beer, seconded by ald T van Essen)

That the amended Service Delivery and Budget Implementation Plan (SDBIP) for the 2023/2024 financial year be approved in terms of Section 54(1)(c) of the Municipal Finance Management Act (Act 56 of 2003).

7.2 FOUNDATION OF THE MUNICIPAL MODERATING COMMITTEE (2/4/2)

The new Personnel Regulations, in accordance with the Local Government: Municipal Systems Act, Act 32 of 2000, stipulate that the Municipality is responsible for the setting up of a Municipal Moderating Committee.

The main purpose of the Moderating Committee is to see that the norms and standards for performance management are applied in a fair, realistic and consistent manner throughout the Municipality's directorate.

RESOLUTION

(proposed by clr D G Bess, seconded by clr J M de Beer)

That the setting up of a Municipal Moderating Committee is approved consisting of the Municipal Manager (chairman), the Directors, the Senior Manager: Human Resource Services, the Senior Manager: Internal Auditing and the Senior Manager: Strategic Services.

7.3 MANDATE FROM THE MUNICIPAL PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE (5/15/1/3)

The Charter of the Performance, Risk and Audit Committee contains the roles and responsibilities of members, and must be revised on a regular basis for approval by the Executive Mayor's Committee.

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr J M de Beer)

That the Charter of the Performance, Risk and Audit Committee is approved by the Executive Mayoral Committee and adopted by the Performance, Risk and Audit Committee members for them to be aware of their responsibilities.

7.4 MINUTES OF A MUNICIPAL PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE MEETING HELD ON 22 MAY 2023 (5/15/1/3)

The Audit Committee serves as a completely independent committee from the Council and fulfils its function in accordance with the stipulations of section 166 of the Local Government: Municipal Financial Management Act, Act 56 of 2003.

The minutes of the Municipal Performance and Risk Audit Committee meeting held on 22 May 2023 were circulated with the agenda and do not contain any recommendations to the Executive Mayor's Committee for consideration.

RESOLUTION

(proposed by clr J M de Beer, seconded by clr D G Bess)

That cognizance be taken of the minutes of the meeting of the Municipality's Performance, Risk and Audit Committee of 22 May 2023.

7.5 BEGROTING VIR DIE ONDERHOUD VAN PROVINSIALE HOOFPAALIE: 2024/2025 FINANSIËLE JAAR (5/6/11/2)

Die verslag bevat die beraamde uitgawes vir die instandhouding en rehabilitasie van Provinsiale Hoofpaaie binne die munisipale gebied wat jaarliks aan die Distrikpad-ingenieur voorgeleë moet word vir oorweging en goedkeuring.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die begroting vir die Onderhoud van Provinsiale Hoofpaaie vir die 2024/2025 goedgekeur word;
- (b) Dat Transnet, as 'n saak van dringendheid, versoek word om alle spooroorgange in die Swartland Munisipaliteit se regsgebied te evalueer vir herstel en opgradering.

7.6 WYSIGING VAN DIE 2023/2024 PADKONSTRUKSIEPROGRAM (16/5/5/1)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gee agtergrond tot die afskaling van die Padkonstruksieprogram sedert die goedkeuring daarvan deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 17 Mei 2023. Behalwe vir die toevoeging van 5de Laan, Yzerfontein en Abattoirstraat, Moorreesburg word die afskaling te weeg gebring deur die volgende faktore wat nie bekend was tydens die aanvanklike beplanning nie:

- addisionele stormwater infrastruktuur vir Chatsworth;
- skuif van bestaande infrastruktuur;
- verhoogde koste aan laagwerke in Abattoirstraat, Moorreesburg weens die swak gehalte van die in-situ materiaal;
- geweldige styging in die koste van bitumen.

Die Munisipale Bestuurder, nadat komiteeleders hulle ontevredenheid uitspreek dat sommige strate geskrap is vanaf die padkonstruksieprogram, noem dat ingevolge wetgewing die paaie bekend gemaak moet word tydens die begrotingsprosesse. Dit is dus belangrik dat verwagtinge bestuur moet word en dat regstellings tydens die aansuiweringsbegroting gemaak word.

Die Munisipale Bestuurder noem dat daar interne gesprekke sal plaasvind ten opsigte van die beplanning vir opgradering van paaie om 'n herhaling van 'n drastiese wysiging aan die padkonstruksieprogram te voorkom.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word van die afgeskaalde en opgedateerde 2023/2024 Padkonstruksieprogram, aangeheg as Aanhangsel B, en dienoreenkomstig goedgekeur word;
- (b) Dat die wysigings aan die begroting, wat te weeg gebring is deur die afskalings, deur middel van die 2023/2024 Aansuiweringsbegroting in Januarie 2024 aangebring word;
- (c) Dat verder kennis geneem word van die veriment van R750 000 uit die herseel van strate pos, CRR (9/110-724-838) na die konstruksie van nuwe paaie, CRR (9/110-725-841) vir die konstruksie van 5de Laan, Yzerfontein.

7.7 UITSTAANDE DEBITEURE: AUGUSTUS 2023 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakeliks gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Augustus 2023.

7.5 BUDGET FOR THE MAINTENANCE OF PROVINCIAL MAIN ROADS: 2024/2025 FINANCIAL YEAR (5/6/11/2)

The report contains estimated costs for the maintenance and rehabilitation of Provincial Main Roads within the municipal area, which must be submitted to the District Roads Engineer for consideration and approval.

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr D G Bess)

- (a) That the budget for the Maintenance of Provincial Main Roads for the 2024/2025 financial year is approved;
- (b) That, as a matter of urgency, Transnet is requested to evaluate all railway crossings in the Swartland Municipal area of jurisdiction for repair work and upgrading.

7.6 AMENDMENT TO THE 2023/2024 ROAD CONSTRUCTION PROGRAMME (16/5/5/1)

The Director: Civil Engineering Services provided the background to the downscaling of the Road Construction Programme since the approval given by the Executive Mayor's Committee on 17 May 2023. Except for the addition of 5th Avenue, Yzerfontein and Abattoir Street, Moorreesburg the downscaling took into consideration the following factors, which were not known during the initial planning:

- additional stormwater infrastructure for Chatsworth;
- moving of existing infrastructure;
- increased cost of the basal layer in Abattoir Street, Moorreesburg due to the poor quality of the in-situ material;
- huge increase in the cost of bitumen.

After committee members voiced their unhappiness that some streets had been taken off the road construction programme, the Municipal Manager stated that according to law the roads must be named during the budget process. It is therefore important that expectations must be managed and that adjustments must be made during the Adjusted Budget.

The Municipal Manager stated that internal discussions will take place in respect of the planning of the upgrading of roads in order to avoid drastic amendments to the road construction programme.

RESOLUTION

(proposed by ald T van Essen, seconded by clr D G Bess)

- (a) That cognizance be taken of the downscaled and updated 2023/2024 construction/upgrading of roads programme attached as Annexure B to this report;
- (b) That the amendments to the budget due to the downscaling will be effected by means of the 2023/2024 Adjusted Budget in January 2024;
- (c) That further cognizance be taken of the virement of R 750 000 from resealing of roads CRR (9/110-724-838) to construction of new roads CRR (9/110-725-841) needed for the construction of 5th Avenue, Yzerfontein.

7.7 OUTSTANDING DEBTORS: AUGUST 2023 (5/7/1/1)

A complete list of outstanding debtors was circulated with the agenda.

RESOLUTION

That cognizance be taken of the report with reference to the state of the outstanding debtors of Swartland Municipality for August 2023.

7.8 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Augustus 2023 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.9 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: VERVANGING VAN STROOM TRANSFORMATORS BY KLIPFONTEIN-SUBSTASIE (8/1/B/2)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat met die toetsing van die nuwe De Grendel-substasie wat die nuwe Mall, De Swartland Werf-ontwikkeling, van elektrisiteit moet voorsien en wat die bestaande Klipfontein- en N7-substasies verbind, daar gevind is dat die kabel op die N7-toevoer by die Klipfontein-substasie nie aan die toetskriteria voldoen het nie.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die dringende vervanging van die 11 kV Stroom Transformators by Klipfontein Substasie deur ABB ten bedrae van R67 505.26 (BTW uitgesluit) goed te keur;
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses is dat die verswakking van die isolasie op die Stroom Transformators by Klipfontein substasie as 'n noodgeval op die netwerk beskou is om 'n langdurige onderbreking te voorkom;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R 67 505.26 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/117-789-921 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: AANSTELLING VAN ELEXPERT (PTY) LTD VIR DIE STUDIE INSAKE KOSTE VAN VOORSIENING EN TARIEFSTRUKTUUR (8/1/B/2)

'n Versoek is vanaf NERSA ontvang dat alle nutsdienste (Eskom, munisipaliteite en privaatspreidings) wat vir tariefverhogings in 2024/2025 aansoek wil doen, 'n Koste van Voorsieningsstudie moet voorsien van nie ouer as 5 jaar nie.

NERSA het hierdie studie ook vir die 2023/2024 finansiële jaar versoek indien tariefverhogings bo die riglyn van NERSA goedgekeur was – die laaste studie deur Swartland is gedateer 2016/2017. NERSA het gevolglik 'n tariefverhoging van slegs 15,1% goedgekeur, teenoor die 18,49% goedgekeur deur die Swartland Munisipale Raad vir die 2023/2024 finansiële jaar.

Die munisipaliteit beoog 'n regsgeeding teen NERSA, weens die verlies van inkomste oor die meerjarige begroting en NERSA se onvermoë om binne die bepalings van die MFMA te bly.

BESLUIT

(a)/...

7.8 PROGRESS IN RESPECT OF INSURANCE CLAIMS (5/14/3/5)

In accordance with the Asset Management Policy outstanding insurance claims must be reported monthly.

RESOLUTION

That cognizance be taken of the state of outstanding insurance claims up to and including 31 August 2023 as circulated with the agenda.

7.9 DEPARTURE FROM THE PRESCRIBED PROCUREMENT PROCEDURE: REPLACEMENT OF STREAMING TRANSFORMERS AT KLIPFONTEIN SUBSTATION (8/1/B/2)

The Director: Electrical Engineering Services stated that with the testing of the new De Grendel Substation, which must provide electricity to the new Mall, De Swartland Werf development, which connects the existing Klipfontein and N7 substations, it was discovered that the cable on the N7 supply at the Klipfontein substation did not conform to testing standards.

RESOLUTION

- (a) That the Executive Mayoral Committees take note of the deviation from the prescribed procurement procedures in terms of clause 36(2) of the Supply Chain Management Policy;
- (b) That further notice be taken of the action of the Municipal Manager to grant approval for the emergency replacement of the 11 kV CT's at Klipfontein Substation by ABB to the value of R67 505.26 excluding VAT;
- (c) That the reason for the deviation from the prescribed procurement process be recorded as deterioration of the insulation on the CT's that could have resulted in a network emergency had the CT's exploded;
- (d) That the expenditure amounting to R 67 505.26 (VAT excluded) is settled against vote number: 9/117-789-921 and that there are sufficient funds available;
- (e) That the Manager: Financial Statements and Control be requested to include the above reasons as a note to the financial statements, when same are compiled.

7.10 DEPARTURE FROM THE PRESCRIBED PROCUREMENT PROCEDURE: APPOINTMENT OF ELEXPERT (PTY) LTD FOR THE STUDY IN RESPECT OF PROVISION COSTS AND TARIFF STRUCTURE (8/1/B/2)

A request has been received from NERSA that all benefit services (Eskom, municipalities and private distributors) who will be making application for tariff increases in 2024/2025, must provide a Cost of Provision study not older than 5 years.

NERSA also requested this study for the 2023/2024 financial year if tariff increases were above the guidelines approved by NERSA – the last study carried out by Swartland is dated 2016/2017. NERSA therefore approved a tariff increase of 15,1% against the 18,49% approved by the Swartland Municipal Council for the 2023/2024 financial year.

The Municipality envisages a lawsuit against NERSA, due to the loss of income over the multi-year budget and NERSA's inability to remain within the regulations of the MFMA.

RESOLUTION

- (a) That the Executive Mayoral Committees take note of the deviation from the prescribed procurement procedures in terms of clause 36(2) of the Supply Chain Management Policy;

7.10/...

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die verkorte aankope prosedure as 'n noodgeval goed te keur, ondersteun deur die potensiele verlies van 'n begrote inkomste ten bedrae van ongeveer R12 miljoen, vir die aanstelling van 'n diensverskaffer om die Koste van Voorsiening- en Tariefstruktuurstudie te onderneem ter ondersteuning van die Munisipaliteit se hangende hofgeding teen NERSA;
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses aangeteken word as 'n noodgeval om die NERSA tariefaansoek vir 2024/2025 te ondersteun, as ook die dringende behoefte om die huidige regsaksie teen NERSA rakende die 2023/2024 aansoek te ondersteun;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R710 512.00 (BTW ingesluit) teen posnommer: 9/253-699-967 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN PERMEATE POMPSTELSEL, NO 1 BY DIE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die Malmesbury WWTW is toegerus met membraantegnologie en word 'n *permeate* pompstelsels gebruik om die vloei van riool deur die membrane te laat geskied. Een van die pompstelsels het onklaar geraak en die vloei van riool deur die membrane met 25% verminder. Dringende herstelwerk is benodig ten einde die behandelingsproses te laat plaasvind en verdere skade aan die membrane te voorkom.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsiening-kanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die *permeate pump set*, No 1 by die Malmesbury WWTW, deur CAW ten bedrae van R79 210.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) indien die normale prosesse gevolg was, sou die pompstelsel vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word;
 - (ii) voormelde sou lei tot 'n oneffektiewe behandelingsproses en onafwendbare skade aan die membraan wat die pompstelsel voer;
 - (iii) die herstelwerk by die Malmesbury WWTW is as 'n noodgeval gehanteer;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R79 210.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-57-1041 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.12/...

- (b) That further notice be taken of the action of the Municipal Manager to approve the shortened procurement process as an emergency measure, supported by the very real potential of loss of budgeted revenue in the order of around R12 million, to appoint a service provider on an urgent basis to conduct the Cost of Supply and Tariff Restructuring study in support of the municipality's pending court matter against NERSA;
- (c) That the reason for the deviation from the prescribed procurement process be recorded as an emergency to support the NERSA tariff application process for 2024/25 and the urgent need to support the current legal challenge that we have with NERSA regarding the 2023/24 application;
- (d) That the expenditure amounting to R710 512.00 (VAT included) is settled against vote number: 9/253-699-967 and that there are sufficient funds available;
- (e) That the Manager: Financial Statements and Control be requested to include the above reasons as a note to the financial statements, when same are compiled.

7.11 DEPARTURE FROM THE PRESCRIBED PROCUREMENT PROCEDURE: URGENT REPAIRS TO PERMEATE PUMP SYSTEM, NO 1 AT THE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

The Malmesbury WWTW is equipped with membrane technology and a *permeate* pump system is used to drive the flow of sewerage through the membranes. One of the pump systems stopped working which caused a decrease of 25% in the flow of sewerage through the membranes. Urgent repairs were needed to the handling process, and to prevent further damage to the membranes.

RESOLUTION

- (a) That the Executive Mayoral Committees take note of the deviation from the prescribed procurement procedures in terms of clause 36(2) of the Supply Chain Management Policy;
- (b) That further notice be taken of the action of the Municipal Manager to approve the repair of the permeate pump no 1 at the Malmesbury WWTW by CAW for the amount of R 79,210.00 excluding VAT;
- (c) That the reason for the deviation from the prescribed procurement process be recorded as follows:
 - (i) The permeate pump would have been left out of service for an extended period of time following due process;
 - (ii) This would have resulted in treatment process failure and further damages to the membrane train serviced by the permeate pump;
 - (iii) The repair work to the permeate pumps therefore had to be handled as an emergency;
- (d) That there are sufficient funds available and that the expenditure amounting to R79 210.00 (excluding VAT) is settled against vote number 9/239-57-1041;
- (e) That the Manager: Financial Statements and Control be instructed to include the above reason as a note to the financial statements, when same are compiled.

7.12/...

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE VERVANG VAN VERKEERSLIG SE SEINKONTROLEERDER BY DIE BOKOMO/VOORTREKKERWEG KRUISING (8/1/B/2)

Die verkeerslig op die Bokomoweg-/Klipheuwelstraat-kruising is al vir 'n geruime tyd buite werking weens die seinkontroleerder wat opgegradeer moet word.

Die foutiewe verkeerslig skep 'n opeenhoping van verkeer tydens spits tyd en 'n onveilige situasie vir padgebruikers.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsiening-kanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die vervanging van die seinkontroleerder by die Bokomo/Voortrekkerweg kruising, deur RVJ Works (Pty) Ltd vir die bedrag van R124 094.40 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) Die verkeerslig sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale prosesse gevolg is;
 - (ii) Die resultaat van voormelde sou gelei het tot voortdurende verlaagde dienslewering en verkeersophoping by die kruising;
 - (iii) Die vervanging van die seinkontroleerder is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R124 094.40 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/247-1185-727 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 KONSEPBELEID: GEBRUIK VAN BURGEMEESTERSVOERTUIG (CK 1) 6/2/1/B

Die beleid vir die Gebruik van Burgemeestersvoertuig, CK 1, is opgestel met die oog daarop dat 'n munisipale voertuig aan die Uitvoerende Burgemeester beskikbaar gestel moet word vir die uitvoering van sy amptelike pligte.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Beleid insake die Gebruik van Burgemeestersvoertuig (CK 1) goedgekeur word vir implementering met onmiddellik effek.

7.14 YZERFONTEIN MUSIEKFEES, 16 TOT 17 DESEMBER 2023: GEBRUIK VAN YZERFONTEIN HAWE (1/1/3/9)

'n Aansoek is ingevolge die Verordening insake Geleenthede ontvang vanaf West Coast Festivals (Pty) Ltd vir die hou van 'n musiekfees in die Yzerfontein hawe op 16 en 17 Desember 2023, daaglik vanaf 17:00 tot 22:00 vir 5001 – 10 000 persone.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat daar sekere dokumente nog uitstaande is, asook die kommentaar vanaf die Departement van Openbare Werke wat 'n groot gedeelte van die hawe besit en kan dit die aansoek beïnvloed.

Daar is ook sekere inwoners, soos ondervind in die verlede, wat nie geneë is dat die Yzerfontein-hawe vir hierdie tipe aktiwiteite gebruik moet word nie, spesifiek omrede die geraasoorlas wat veroorsaak word.

7.12 DEPARTURE FROM THE PRESCRIBED PROCUREMENT PROCEDURE: URGENT REPLACEMENT OF THE TRAFFIC LIGHT CENTRAL CONTROLLER AT THE BOKOMO/VOORTREKKER ROADS CROSSING (8/1/B/2)

The traffic light at the Bokomo/Klipheuwel Roads crossing has been out of order for a considerable time due to the signal controller which had to be upgraded.

The faulty traffic light created a back up of traffic during peak periods and an unsafe situation for road users.

RESOLUTION

- (a) That the Executive Mayoral Committees take note of the deviation from the prescribed procurement procedures in terms of clause 36(2) of the Supply Chain Management Policy;
- (b) That further notice be taken of the action of the Municipal Manager to approve the replacement of the traffic signal controller at the Bokomo/Voortrekker intersection;
- (c) That the reason for the deviation from the prescribed procurement process be recorded as follows:
 - (i) The traffic signal would have been left out of service for an further extended period of time while following due processes;
 - (ii) This will result in the continued poor level of service and congestion at the intersection;
 - (iii) That the replacement there had to be handled as an emergency;
- (d) That there are sufficient funds available and that the expenditure amounting to R124 094.40 (excluding VAT) is settled against post number 9/247-1185-727;
- (e) That the Manager: Financial Statements and Control be instructed to include the above reason as a note to the financial statements, when same are compiled.

7.13 DRAFT POLICY: USE OF MAYOR'S CAR (CK 1) 6/2/1/B

The policy in respect of the use of the Mayoral Car, CK 1, was drawn up keeping in mind that a municipal vehicle must be available to the Executive Mayor for carrying out his official duties.

RESOLUTION

(proposed by clr D G Bess, seconded by clr J M de Beer)

That the Policy regarding the Use of Mayoral Vehicle (CK 1) be approved for implementation with immediate effect.

7.14 YZERFONTEIN MUSIC FESTIVAL 16 TO 17 DECEMBER 2023: USE OF YZERFONTEIN HARBOUR (1/1/3/9)

An application has been received from West Coast Festivals (Pty) Ltd, in accordance with Opportunities, for holding a music festival in the Yzerfontein harbour on 16 and 17 December 2023, daily from 17:00 to 22:00 for 5001-10 000 persons.

The Director: Corporate Services stated that there are certain documents which are outstanding, as well as comment from the Department of Public Works, which occupies a huge part of the harbour, which could influence the application.

There are also certain residents, as experienced in the past, who are not inclined towards the use of the harbour for this type of activity, specifically because of the noise nuisance level. It is therefore recommended that a public and involved organisations' participation process is followed to obtain input/comments for consideration.

7.14/...

Daar word dus aanbeveel dat 'n publieke deelnameproses gevolg word om die publiek en betrokke organisasies se insette/kommentaar te verkry vir oorweging.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat 'n publieke deelname proses geloods word om die publiek se kommentaar in te win oor die aanbod al dan nie van 'n musiekfees in die Yzerfontein hawe op 16 en 17 Desember 2023;
- (b) Dat die voorneme om die fees te hou in die media geadverteer word, asook by wyse van 'n "knock-and drop" pamflet by geaffekteerde eiendomme, en dat die insette ook bekom word van die wykskomitee en van organisasies in Yzerfontein soos die Yzerfontein Inwonersvereniging, die Yzerfontein Bewarea, die Lynvisvereniging en Swartland Toerisme;
- (c) Dat, na gelang van die kommentare wat ontvang word, die Munisipale Bestuurder met volmag bekleed word om 'n finale besluit te neem oor die aanbieding van die fees op hierdie skaal by die Yzerfontein hawe al dan nie.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER

7.14/...

RESOLUTION

(proposed by cllr J M de Beer, seconded by ald T van Essen)

- (a) That a public participation process be launched to obtain the public's comments regarding the hosting or not of a music festival in the Yzerfontein harbour on 16 and 17 December 2023;
- (b) That the intention to hold the festival be advertised in the media, as well as by means of a "knock-and-drop" leaflet at affected properties, and that the input also be obtained from the ward committee and from organisations in Yzerfontein such as the Yzerfontein Residents Association, the Yzerfontein Conservancy and Swartland Tourism;
- (c) That, depending on the comments received, the Municipal Manager be authorised to take a final decision regarding whether or not the Yzerfontein harbour may be made available for the hosting of an event on this scale.

(SGD) J H CLEOPHAS
EXECUTIVE MAYOR



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE EN FINANSIES PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 13 SEPTEMBER 2023 OM 10:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Waarnemende Voorsitter, rdh M A Rangasamy

O'Kennedy, E C Van Zyl, M (rdd)
Pypers, D C Vermeulen, G
Soldaka, P E Warnick, A K
Van Essen, T (rdh)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Bestuurder: Menslike Nedersettings, mnr S Arendse
Senior Bestuurder: Bou-omgewing, mnr A Zaayman
Intern: Korporatiewe Dienste, me A Stols

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die waarnemende voorsitter verwelkom lede en versoek rdl D C Pypers om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

Die waarnemende voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Munisipale Bestuurder, Administrasie en Finansies.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl I S le Minnie, N Smit, B J Penxa en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger.

2. NOTULE

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE- EN FINANSIESKOMITEE) GEHOU OP 8 AUGUSTUS 2023

BESLUIT

(voorgestel deur rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd M Van Zyl)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur-, Administrasie- en Finansieskomitee) gehou op 8 Augustus 2023 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen



